# VERWYDERING VAN DIE ROOKSKERM EN DIE *TURQUAND*-REËL IN DIE SUID-AFRIKAANSE TRUSTREG

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes van die Magister Legum in
Boedelreg by die Noordwes-Universiteit
(Potchefstroomkampus)

deur

**Natassja Matthews**
12868035

Vakke geslaag:

LLM 874
LLM 875
LLM 876
LLM 877
LLM 878

Studieleier: Prof AL Stander

2007

**The removal of the smoke-screen and the application of the *turquand*-rule in the law of trusts**

**Summary**

The purpose of this mini-dissertation is to investigate the possibility of applying the *turquand*-rule as well as lifting the corporate veil in the law of trusts. Usually the *turquand*-rule is only applicable in the Company law. This theory, however was threatened after the decision in *Man Truck & Bus (SA) Ltd v Victor en Andere* 2001 2 SA 562 (NK) and those cases that followed it. In this case the court ruled that the *turquand*-rule can also be applied in the law of trust. It based its decision on the principles of reasonableness and fairness.

Critics have not been shy to give their opinion about the ruling, It is generally felt that the *turquand*-rule as well as the lifting the corporate veil can not be applied in the South African law of trust because of two main issues, namely the fact that juristic personality does not vest in trusts and the fact that trustees must act together at all times.

The validity of this critique will be placed under the microscope and all aspects concerning this issue will be separately dealt with. One of these aspects is the abuse of the trust that is taking place in South Africa. Trusts are used to manipulate family members, evade creditors and to obtain other advantages, like tax benefits. This is a concern to both academics and the man on the street. Some kind of remedy is thus needed to solve this dilemma. In my opinion it can be validly found in applying the *turquand*-rule and the lifting of the corporate veil also in the law of trusts.

INHOUDSOPGAWE


**1 Inleiding en probleemstelling ..... 1**

**2 Regspersoonlikheid ..... 2**

***2.1 Inleiding ..... 2***

***2.2 Die maatskappy as regspersoon ..... 2***

*2.2.1 Verkryging van regspersoonlikheid ..... 3*

*2.2.2 Teorieë oor die regspersoon ..... 5*

*2.2.3 Gevolge van die maatskappy as afsonderlike entiteit ..... 5*

*2.2.4 Samevattend ..... 7*

***2.3 Die trust ..... 7***

*2.3.1 Anomalieë in die trustreg ..... 8*

2.3.1.1 Registrasie-aangeleenthede ..... 8

2.3.1.2 Insolvensie-aangeleenthede ..... 9

2.3.1.3 Belasting-aangeleenthede ..... 9

2.3.1.4 Die trust as begunstigde ..... 10

***2.4 Gevolgtrekking ..... 10***

**3 Die regsposisie van direkteure en trustees ..... 11**

***3.1 Die direkteure van 'n maatskappy ..... 11***

*3.1.1 Regsverhouding: Direkteur teenoor die maatskappy en sy lede ..... 12*

*3.1.2 Regte en verpligtinge van direkteure ..... 13*

3.1.2.1 Vertrouenspligte ..... 13

3.1.2.2 Plig tot sorg en vaardigheid ..... 17

***3.2 Trustees van 'n trust ..... 18***

*3.2.1 Regsverhouding: Trustees teenoor die ander trustees, trustbegunstigdes en trust ..... 18*

*3.2.2 Die regte en verpligtinge van trustees ..... 19*

3.2.2.1 Vertrouenspligte ..... 20

3.2.2.2 Plig tot sorg en vaardigheid van trustees ..... 21

3.2.2.3 Regspraak rakende die regte en verpligtinge van die trustee ..... 22

4 Die *turquand*-reël 26
*4.1 Die turquand-reël buite die maatskappyereg 28*
*4.2 Die turquand-reël in die trustreg 29*
*4.3 Gevolgtrekking 32*

5 Verwydering van die rookskerm 34
*5.1 Die filosofie agter die verwydering van die rookskerm 34*
*5.2 Die verwydering van die rookskerm en relevante wetgewing 35*
*5.3 Die aanwending van die leerstuk van die verwydering van die rookskerm 36*

6 Gevolgtrekking 38

Bibliografie 42
Lys van afkortings 48

## VERWYDERING VAN DIE ROOKSKERM EN DIE *TURQUAND*-REËL IN DIE SUID-AFRIKAANSE TRUSTREG

### 1 Inleiding en probleemstelling

> The relationship between law and ethics compel South African lawyers and judges, all be it occasionally, to connect the dots between law and business ethics... South African courts are not completely detached from the demands of business ethics and the fingerprints of business ethics are detectable in some South African judgements in the sphere of business law[1]

Onlangs is *obiter* beslis dat die *turquand*-reël ook in die trustreg toegepas kan word.[2] Tradisioneel is die toepassingsveld van hierdie reëls by regspersone en in besonder by maatskappye. Dit is egter algemene kennis dat 'n trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie.[3] Op die oog af lei die beslissing, hoewel *obiter*, dus tot 'n teenstrydigheid en word dit ook deur sekere skrywers gekritiseer. Die bestaan van hierdie reëls in die Maatskappyereg is gegrond op billikheid en redelikheid en word algemeen aanvaar. Dit is so omdat die direkteure van 'n maatskappy in 'n vertrouensverhouding teenoor die werknemers en derdes staan. Daar bestaan dieselfde verhouding tussen die trustees van 'n trust en die begunstigdes. Dit noop die vraag of hierdie verhouding nie ook tussen die trustees en derdes, soos die skuldeisers van 'n besigheidstrust, bestaan nie? Indien dit wel die geval is, sal dit die aanwending van die bo-vermelde reëls in die trustreg meer aanvaarbaar maak. Die rede vir hierdie stelling is die praktyk deesdae om die familiebesigheid sonder enige verandering in die omstandighede in die vorm van 'n besigheidstrust te bedryf, tot nadeel van die skuldeisers.

Hierdie familiebesigheid word op so 'n wyse bestuur dat die reëls van die trustreg geïgnoreer word om so die eise van skuldeisers, gades en ander belanghebbendes te vermy. In der waarheid word die trust gevolglik bestuur asof die bates in die trust die bates van die trustee persoonlik is. Om hierdie rookskerm van ongeregtig te verwyder is dit myns insiens nodig om die *turquand*-reël ook in die trustreg aan te wend.

1 Du Toit F "Curbing the abuse of the Business Trust: A South African Perspective on Business Law and Ethics" 2006 *EABR & ETLC* 1-9.

2 *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA).

3 *Commissioner for Inland Revenue v Friedman and Others NNO* 1993 1 SA 353 (A).

Vir hierdie doeleindes sal 'n uiteensetting van die maatskappy as regspersoon, teenoor die trust wat nie oor regspersoonlikheid beskik nie, gegee word. Die regsposisie van die direkteure van 'n maatskappy teenoor die trustees van 'n trust sal dan bestudeer word met die doel om die pligte, verantwoordelikheid en verwantskap tussen die twee ampte vas te stel. Daarna volg 'n kritiese bespreking oor die werking van die *turquand*-reël en die leerstuk van "piercing the corporate veil".[4] Met hierdie onderskeie konsepte onder die vergrootglas, sal gepoog word om die vraag of die verwydering van die rookskerm en die *turquand*-reël buite die normale konteks van die maatskappyereg ook in die trustreg van toepassing gemaak kan word, beantwoord word.

## 2 Regspersoonlikheid

### *2.1 Inleiding*

Van die vernaamste kritiek teen die aanwending van die *turquand*-reël in die trustreg is dat die trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie.[5] Is dit genoegsame rede om nie die reël ook in die trustreg van toepassing te maak nie? Wat presies behels regspersoonlikheid en watter effek het dit sodat die *turquand*-reël van toepassing is? Om hierdie vraag te beantwoord is dit nodig dat 'n ondersoek na hierdie regsfiguur gedoen word en met die trust, wat oor sekere aspekte regspersoonlikheid beskik en oor ander nie, vergelyk word.

### *2.2 Die maatskappy as regspersoon*

Williams[6] beskryf die regspersoon soos volg:

---

4 By 'n gebrek aan 'n akkurate en erkende afrikaanse begrip sal dit in hierdie navorsing met verwysing na die verwydering van die rookskerm vertaal word.

5 Sien in hierdie verband Du Toit F "Die aanwending van die turquand-reël in die Suid-Afrikaanse trustreg" 2004 *TSAR* 149-161 vir 'n samevatting oor die kritiek van die aanwending van die turquand-reël in die Suid-Afrikaanse trustreg. 'n Bespreking hieroor in meer besonderhede volg later.

6 Williams *Corporate and Partnership Law* 73.

> The expression 'legal person' (Latin: persona) means an entity capable of having legal rights and incurring legal obligations. Legal personality is 'not a phenomenon but a creature of law'. In other words, the law determines what beings or objects are accorded legal personality.[7]

Die regspersoon kom dus ten opsigte van baie aspekte met die natuurlike persoon ooreen.[8] Daar bestaan sekere uitsonderings. 'n Regspersoon kan byvoorbeeld nie in die huwelik tree nie. Dit kan nie as voog vir 'n minderjarige aangestel word nie. 'n Regspersoon kan nie grond okkupeer nie of iewers teenwoordig wees nie.[9] Alle menslike eienskappe is uitgesluit. Dit kan dus nie regshandelinge self verrig nie, maar moet handel deur sy organe en verteenwoordigers.[10]

### *2.2.1 Verkryging van regspersoonlikheid*

Daar is slegs 'n beperkte aantal wyses waardeur 'n entiteit regspersoonlikheid kan bekom. Met die onderwerp van hierdie navorsing in gedagte, word slegs op instansies van die privaatreg gekonsentreer. Dit is onder meer deur afsonderlike wetgewing,[11] deur algemene magtigende wet[12] en deur gedrag.

'n Vereniging van persone kan regspersoonlikheid verkry deur dit as 'n regspersoon te gedra.[13] In dié geval moet die vereniging voldoen aan sekere vereistes wat in die

---

7 Pienaar *Gemeenregtelike Regspersoon* 4 beskou dit as 'n groep mense wat met uitsluiting van individuele aanspreeklikheid as entiteit met langdurige voortbestaan en afsonderlike regte en verpligtinge aan die regsverkeer deelneem. Cilliers ea *Koperatiewereg* 5 verklaar dat as regspersoon die maatskappy in eie naam regte verkry en verpligtinge kan oploop. Dit kan bv bates verkry, werknemers in diens neem, 'n party tot 'n kontrak wees, 'n eis instel en in die hof gedagvaar word. Sien ook *Webb & Co Ltd v Northern Rifles* 1908 TS 462 464-465.

8 Pienaar *Gemeenregtelike Regspersoon* 9 voer aan dat beide die draer van subjektiewe regte en verpligtinge is. Indien van natuurlike en regspersone gepraat word, word die woord regsubjektiwiteit gebruik. Die woord regspersoonlikheid word slegs ten opsigte van regspersone gebruik.

9 Williams *Corporate and Partnership Law* 74.

10 Cilliers ea *Koperatiewereg* 6. Die aspek rondom die verteenwoordigers van 'n maatskappy sal meer volledig in die hoofstuk oor die regsposisie van direkteure en trustees bespreek word.

11 Regspersoonlikheid word verkry deur middel van die betrokke instansie se eie afsonderlike wet. 'n Voorbeeld hiervan is Eskom wat deur die *Eskomwet* 40 van 1987 opgerig is. Sien ook Cilliers ea *Koperatiewereg* 6.

12 Hier word regspersoonlikheid verkry deur middel van 'n algemeen magtigende wet soos die *Maatskappywet* 61 van 1973 en die *Wet op Beslote Korporasies* 69 van 1984. Die meerderheid van regspersone verkry op hierdie indirekte wyse regspersoonlikheid. Sien ook Benade ea *Ondernemingsreg* 58.

13 Hierdie gemeenregtelike regspersoon word deur Pienaar beskryf as " 'n reële, konkreet-organiese persoonverband, wat sy regsubjektiwiteit (regspersoonlikheid) aan die hand van regsbeginsels en ooreenkomstig die samelewingsordende funksies aan die positiewe reg ontleen. Uit hoofde hiervan neem dit as entiteit en regsubjek aan die regsverkeer deel deur op

*Maatskappywet* gestel word.[14] Cilliers[15] gebruik artikels 30 en 31 van die *Maatskappywet* as voorbeeld. Artikel 30 bepaal dat 'n maatskappy, vennootskap of vereniging wat sake doen wat die maak van wins vir homself of vir sy lede ten doel het en wat uit meer as twintig persone bestaan, geregistreer moet word. Verder bepaal artikel 31 van dié Wet dat 'n vereniging slegs 'n regspersoon is, as dit opgerig word met die oogmerk om wins te maak terwyl dit ingevolge die *Maatskappywet* of ander wet opgerig is.[16] Derhalwe, indien 'n vereniging as 'n regspersoon wil funksioneer moet dit ingevolge 'n wet opgerig word, met die oog om wins te maak.

Om onsekerheid uit die weg te ruim behoort dit uit die inhoud van die konstitusie van die entiteit duidelik te wees dat die entiteit as 'n regspersoon handel. Dit kan byvoorbeeld stel dat die bates die eiendom van die entiteit is, dat die entiteit self aanspreeklik is vir die besigheid se skulde en dat dit in eie naam regsgedinge aangaan.[17]

Volgens Pienaar[18] moet daar aan die volgende vereistes voldoen word om as 'n gemeenregtelike regspersoon (gedrag) te kwalifiseer:

(a) Daar moet 'n entiteit bestaan wat die draer is van regte en verpligtinge (afsonderlik van die individue);

(b) Die entiteit moet 'n bepaalde interne gesagstruktuur vertoon en dienooreenkomstig voortbestaan ongeag die wisseling van die individue van die entiteit en;[19]

(c) Die entiteit moet oor 'n voorafbepaalde hoofdoel beskik.

Cilliers en Pienaar het verskillende uitgangspunte oor die vereistes om te kwalifiseer as 'n regspersoon deur gedrag. Cilliers is van mening dat die entiteit as 'n regspersoon opgerig moet word ingevolge wetgewing met die doel om wins te maak.

---

'n eiesoortige wyse draer te wees van kompetensies afsonderlik van die kompetensies van die lede of organe waaruit dit saamgestel is" (Pienaar *Regsubjektiwiteit* 91).

14 *Maatskappywet* 61 van 1973 (hierna "die *Maatskappywet*").

15 Cilliers ea Koperatiewereg 7.

16 Verenigings wat nie gewin nastreef nie sal dus nie deur artikels 30 en 31 van die *Maatskappywet*, indien hul ledetal meer as twintig persone is geaffekteer word nie (Cilliers ea *Koperatiewereg* 7).

17 Cilliers ea Koperatiewereg 7; *Webb & Co Ltd v Northern Rifles* 1908 TS 462 464; *Morrison v Standard Buiding Society* 1932 AD 229 238.

18 Pienaar *Regsubjektiwiteit* 70.

19 Anders as by die venootskap waar die onderneming ontbind by die verandering van vennote.

Pienaar het 'n meer buigsame siening oor die onderwerp. Hy voer aan dat dit uit die struktuur en bestuur van die entiteit duidelik moet wees dat dit die doel van die entiteit is om as 'n regspersoon op te tree.

### *2.2.2 Teorieë oor die regspersoon*

Alhoewel nie krities noodsaaklik vir die huidige navorsing nie, word volledigheidshalwe verwys dat daar volgens Pienaar[20] ongeveer 16 verskillende teorieë oor die regspersoon bestaan. Skrywers, ingesluit Pienaar, is van mening dat nie een van die teorieë die regspersoon en in die besonder die maatskappy, in alle opsigte bevredigend verklaar nie.[21] Die juridiese realiteitsteorie is die teorie wat volgens akademici die mees aanvaarbare verduideliking gee, alhoewel dit nie sonder kritiek is nie. Volgens dié teorie word die regspersoon gelyk gestel aan die mens.[22]

### *2.2.3 Gevolge van die maatskappy as afsonderlike entiteit*

Die betekenis en effek van regspersoonlikheid het al dikwels in die verlede in regspraak onder die loep gekom. Die grondbeginsel, dat die maatskappy die selfstandige draer van regte en verpligtinge is, is in *Salomon v Salomon & Co Ltd* neergelê.[23] Lord Halsbury het bevind dat op die oomblik dat 'n maatskappy geïnkorporeer word, dit soos enige ander onafhanklike persoon behandel moet word met sy regte en verpligtinge as sy eie.[24] Hy het verder gemeld dat die bedoeling van die partye wat in die maatskappy deelneem, irrelevant is. Daarom, al is al die aandele deur die gesin van Salomon besit, met die oorgrote meerderheid deur

---

20 Pienaar *Gemeenregtelike Regspersoon* 52.

21 Pienaar *Gemeenregtelike Regspersoon* 52; Cilliers ea *Koperatiewereg* 8; Benade ea *Ondernemingsreg* 59.

22 Benade ea *Ondernemingsreg* 59. Vir kritiek teen die teorie sien Pienaar *Gemeenregtelike Regspersoon* 103.

23 1897 AC 22. Die feite van die saak was die volgende: Salomon was 'n enkelondernemer wat 'n welvarende besigheid besit het. In 'n poging om die onderneming te vergroot en voorsiening te maak vir deelname deur familielede, het hy 'n maatskappy opgerig en sy besigheid aan die maatskappy verkoop. Salomon het die koopprys verkry deur middel van aandele. Die enigste ander aandeelhouers in die maatskappy was sy vrou en vyf van sy ses kinders (elke kind het slegs een aandeel gehou). Kort na die maatskappy opgerig is, is die besigheid ernstig deur stakings en 'n afswaai in die mark vir sy produkte benadeel. Dit het tot die likwidasie van die maatskappy gelei. Die skuldeisers het aangevoer dat Salomon en die maatskappy een en dieselfde persoon is. Daarom is Salomon persoonlik aanspreeklik.

24 Sien ook Pretorius ea *Hahlo's Company Law* 12; Cilliers ea *Koperatiewereg* 9.

Salomon self, het dit nie 'n effek op die regspersoonlikheid van die maatskappy gehad nie. Die skulde bly die maatskappy se skulde.

In *Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council*[25] het die hof beslis dat die eiendom in die maatskappy vestig. Dit kan nie in enige of al die lede saam gevestig wees nie. Soos wat die eiendom van die besigheid in die maatskappy gevestig is, word die skulde wat die maatskappy opdoen ook nie persoonlik deur die direkteure en lede van die maatskappy gedra nie. Dieselfde beginsels geld ook ten opsigte van *deliktuele aanspreeklikheid. Die maatskappy moet in eie naam dagvaar en* gedagvaar word.[26]

In die saak van *Mostert v Old Mutual*[27] moes die hof beslis of 'n entiteit wat met pensioenfondse handel dryf as "regspersoon deur gedrag kwalifiseer". In die saak het die hof die onderskeid tussen garansiefondse en privaat geadministreerde fondse ontleed. Daar is bevind dat privaat geadministreerde fondse met betrekking tot die oudit van sy finansiële state aan 'n regulerende proses ingevolge die *Wet op Pensioenfondse*[28] onderhewig is. Daarteenoor is garansiefondse vrygestel van hierdie proses.[29] Die hof het verder gemeld dat die regstatus, regte en verpligtinge van die lede van die pensioenfonds gereguleer word deur die reëls van die fonds. Hierdie vereiste is onderhewig daaraan dat die geld van die fonds nooit die eiendom van die werkgewer mag word nie.[30] Artikel 5(1) van die *Wet op Pensioenfondse* onderskei tussen 'n fonds wat uit 'n assosiasie van persone ((5(1)(a)) bestaan en 'n fonds wat ingevolge 'n skema (5(1)(b)) bedryf word. In die gegewe geval het die fonds onder artikel 5(1)(b) geval. Artikel 5(1)(b) het bepaal dat met registrasie al die bates, regte en verpligtinge van die fonds, geag word die fonds se bates, regte en verpligtinge te wees ongeag die reëls of konstitusie van die skema of liggaam wat dit

---

25 1920 AD 530. In hierdie saak het twee Indiërs 'n maatskappy laat registreer waarvan een, honderd nege en veertig aandele en die ander slegs een aandeel gehou het. Die maatskappy het daarna 'n grondstuk gekoop in 'n gebied waar Indiërs kragtens apartheidswetgewing nie toegelaat is om grond te besit nie. Die regsvraag wat ontstaan het, was of die persoonlike verbod op grondbesit die maatskappy, waarvan die Indiërs aandeelhouers was, geraak het.

26 Williams *Corporate and Partnership Law* 81.

27 *Mostert NO v Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd* 2001 4 SA 159 (HHA).

28 24 van 1956 (hierna "die *Wet op Pensioenfondse*").

29 171D-I.

30 175C-D,I-J en 176D-E.

bedryf. Die hof het beslis dat die fonds afsonderlik van sy lede bestaan, deurdat die fonds die bates en regte en verpligtinge afsonderlik van sy lede besit.[31]

> On a proper interpretation, therefore, s 5(1)(b) had to be taken to confer legal personality. The fund was therefore at all material times a *legal persona* with capacity to contract. It has the essential attributes of a universitas at common law with concomitant legal personality.[32]

### *2.2.4 Samevattend*

Uit bogenoemde is dit duidelik dat dit nie net 'n maatskappy is wat regspersoonlikheid kan bekom nie. 'n Entiteit kan regspersoonlikheid bekom deur gedrag deurdat die regte en verpligtinge van die entiteit baie streng en baie duidelik apart van die regte en verpligtinge van die lede persoonlik gehou word. Solank die entiteit 'n interne gesagstruktuur toon en oor 'n hoofdoel beskik waar die entiteit die draer van regte en verpligtinge afsonderlik van sy individue is, kan dit oor regspersoonlikheid beskik. Regspersoonlikheid het tot gevolg dat die entiteit se skulde sy skulde bly; sy regte en verpligtinge sy eie is; eiendomsreg in die entiteit gevestig is; in eie naam dagvaar en gedagvaar moet word en kontrakte in die naam van die entiteit moet aangaan.[33]

## *2.3 Die trust*[34]

> In spite of the statement by Stein CJ... that in addition to not being a *persona*, a trust is not a separate legal entity, it is clear that in the developing law of trusts in South Africa, it is recognised that a trust has a legal existence, whether it be called 'an entity', 'an institution' or 'an arrangement'.[35]

Die presiese regsaard van die trust is 'n omstrede kwessie in die Suid-Afrikaanse reg. Hoewel die *Trustwet*[36] uitdruklik bepaal dat die trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie, vertoon dit in sekere omstandighede baie duidelik regspersoonlikheid. In sekere gevalle word die trust met kenmerkende eienskappe van regspersoonlikheid

---

31 178C-J.
32 179B-C.
33 Sien paragraaf 2.2.3.
34 Honoré and Cameron *Trusts* 1 beskryf die trust soos volg: "A trust is a legal institution in which a person, the trustee, subject to public supervision, holds or administers property separately from his or her own for the benefit of another person or persons or for the furtherance of a charitable or other purpose."
35 *BOE Bank Ltd v Trustees, Knox Property Trust* 1999 1 SA 425 (D).
36 *Wet op die Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988 (hierna "die *Trustwet*").

hanteer. In *Braun v Blann and Botha*[37] het die hof beslis dat "in its strictly technical sense the trust is a legal institution *sui generis"*.[38] Vanweë die feit dat die trust hierdie eiesoortige bestaan voer, het dit talle anomalieë tot gevolg. Hierdie anomalieë is vervolgens aan die orde.

### *2.3.1 Anomalieë in die trustreg*

#### 2.3.1.1 Registrasie-aangeleenthede

Die praktyk rakende die registrasie van trustgoed by testamentêre trusts is die eerste instansie wat nie ooreenstem met die siening dat 'n trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie. Artikel 40 van die *Boedelwet*[39] bepaal dat indien 'n trustee aangestel is om goed van 'n oorledene te administreer die eksekuteur die administrasie teen die titelbewys van die onroerende goed moet laat aanteken. 'n Endossement ingevolge artikel 40 van die *Boedelwet* het tot gevolg dat eiendomsreg aan die trustee oorgedra word. Die trustee word dus die eienaar van die trustbates. Die probleem is vervolgens daarin geleë dat dit nie met die bewoording van die endossement ooreenstem nie.[40]

By die *inter vivos* trust kan die eiendom óf in die naam van die trustee óf die trust geregistreer word.[41] In die verlede was dit praktyk om die eiendom in die naam van die trustee *in sy hoedanigheid as trustee* te registreer. Tans word dit geag dat daar in ons registrasiestelsel nie plek vir "naakte eienaarskap" is nie. Honoré[42] stem hiermee saam en voer aan dat eiendom in die naam van die trust geregistreer moet word. Dit blyk dus dat dit die hedendaagse praktyk is om eiendom in die naam van

37 1984 2 SA 850 (A).

38 *Braun v Blann and Botha* 1984 2 SA 850 (A) 859. Olivier is van mening dat die wyse waarop die trust opgerig word geen verskil aan die aard van die trust maak nie. Daarom kan die trust *inter vivos* ook sy eiesoortige bestaan voer, sonder dat dit met ander regsverskynsels gelyk gestel word (Olivier *Trustreg en Praktyk* 2-30 – 23-1).

39 *Boedelwet* 66 van 1965 (hierna "die *Boedelwet*").

40 De Waal *Anomalieë* 18.

41 De Waal *Anomalieë* 19. In *Joubert v Van Rensburg* 2001 1 SA 753 (W) 770F-G het die hof aangevoer dat waar die trustgoed in die naam van trustees wat van tyd tot tyd as trustee optree, geregistreer word, dit onsekerheid meebring wat in die registrasiestelsel onwenslik is.

42 Honoré and Cameron *Trusts* 280. Olivier stem saam dat trusteiendom in die praktyk in die naam van die trust geregistreer word, maar keur nie hierdie praktyk goed nie.

die trust te registreer.[43] Dit druis in teen die teorie dat die trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie.

#### 2.3.1.2 Insolvensie-aangeleenthede

Artikel 12 van die *Trustwet* bepaal dat trustgoed nie deel van die trustee se persoonlike boedel vorm nie, behalwe vir sover hy as trustbevoordeelde op die trustgoed geregtig is. In *Magnum Financial Holdings v Summerly*[44] het die hof beslis dat 'n trust onder die definisie van "skuldenaar" ingevolge die *Insolvensiewet*[45] tuisgebring kan word. Dit beteken dus dat die trust vatbaar is vir sekwestrasie. Nogtans het die hof erken dat "in certain respects a trust does posses legal personality".[46] Hierdie aanmerking sal deurentyd in gedagte gehou word, om uiteindelik tot 'n gevolgtrekking te kom oor die aanwending van die *turquand*-reël.

#### 2.3.1.3 Belasting-aangeleenthede

In *Friedman v CIR*[47] het die hof beslis dat 'n trust nie ingevolge artikel 5 van die *Inkomstebelastingwet*[48] as 'n juridiese *persona* kan klassifiseer nie. Die hof het verklaar dat dit duidelik is dat die trust nie 'n maatskappy, soos gedefinieer in artikel 1 van die *Maatskappywet* is nie.[49] Verder het die hof sy beslissing op die saak van *Commissioner for Inland Revenue v MacNeillie's Estate*[50] gegrond. Die hof het aangevoer dat niks in die *Inkomstebelastingwet* daarop dui dat die wetgewer die

43 Nog voorbeelde waar die trust in die praktyk as regspersoon behandel word, is bv waar aandele in 'n ongenoteerde maatskappy trustgoed is. Hierdie aandele word dikwels in die naam van die trust geregistreer. Verder bepaal artikel 4 van die *Wet op Finansiële Instellings* 39 van 1984 dat 'n direkteur of amptenaar van 'n finansiële instelling goed namens 'n kliënt kan belê in die naam van die betrokke trust. Sien ook De Waal *Anomalieë* 19.

44 *Magnum Financial Holdings (Pty) Ltd v Summerly* 1984 1 SA 160 (W).

45 *Insolvensiewet* 24 van 1936.

46 *Magnum Financial Holdings (Pty) Ltd v Summerly* 1984 1 SA 160 (W) 163H. Die hof berus sy beslissing op die feit dat krediteure nie teen die trustees persoonlik mag optree nie, maar slegs eise mag instel teen die eiendom van die trust: "It was impossible to secure a *concursus creditorum* by sequestrating the estate of either the donor or the beneficiaries or the personal estate of the trustee" (162B).

47 *Friedman v Commissioner for Inland Revenue: In re Phillip Frame Will Trust v Commissioner for Inland Revenue* 1991 2 SA 340 (W).

48 *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962 (hierna "die *Inkomstebelastingwet*").

49 Sien ook De Waal MJ "Belastingreg" 1991 *De Rebus* 397-398.

50 1961 3 SA 833 (A).

bedoeling gehad het om die trust vir doeleindes van artikel 5 in te sluit nie.[51] Die anomalie is dat die wetgewer daarna die definisie van "persoon" soos uiteengesit in artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet* uitgebrei het om ook die trust in te sluit.

2.3.1.4 Die trust as begunstigde

Wat is die posisie rondom 'n bemaking aan 'n trust? In *Burnett v Kohlberg*[52] was een van die vrae wat die hof moes beantwoord of 'n trust 'n bemaking kan aanvaar al is dit nie 'n regspersoon nie. Die hof het bevind dat 'n bemaking wel aan 'n trust gemaak kon word. Die bemaking is in effek aan die trustees in hul amptelike hoedanigheid. Hierdie konstruksie is gekunsteld, veral in die geval van 'n bewindtrust

## *2.4 Gevolgtrekking*

Sommige skrywers is van mening dat die onsekerheid oor die presiese aard van die trust uit die weg geruim sal word indien die trust as regspersoon erken word.[53] Die vraag is of dit *werklik nodig* is om regspersoonlikheid aan die trust toe te ken?

Dit is duidelik dat die maatskappy se regspersoonlikheid inhou dat die direkteure nie persoonlik vir die maatskappy se skulde aanspreeklik gehou kan word nie.[54] Dieselfde beginsels geld ten opsigte van die trust en sy trustees.[55] Die maatskappy en die trust moet in sy eie naam dagvaar en gedagvaar word.[56] Vir

---

51 *Friedman v Commissioner for Inland Revenue: In re Phillip Frame Will Trust v Commissioner for Inland Revenue* 1991 2 SA 340 (W) 343I-J. Sien ook De Waal 1991 *De Rebus* 397.

52 1986 3 SA 12 (A).

53 De Waal *Anomalieë* 26; Theron L "Enkele gedagtes oor die regsaard van 'n trust en die aanspreeklikheid van 'n trustee vir trustskulde" 1991 *De Jure* 321-323. Daar is egter nadele verbonde aan die verlening van regspersoonlikheid. Dit sal meebring dat die trust gelikwideer moet word. Dit beteken dat die eenvoudige bepalings van die *Insolvensiewet* nie meer van toepassing sal wees nie. Die trustee sal moet sekerheid gee wanneer hy namens die trust optree soos bepaal word in artikel 13 van die *Maatskappywet*. Die aankoop van onroerende eiendom sal teen hoër hereregte plaasvind. Die streng formaliteite van toepassing op maatskappye sal nou ook in die trustreg toegepas moet word (Theron 1991 *De Jure* 324).

54 *Salomon v Salomon & Co Ltd* 1897 AC 22. Daar bestaan uitsonderings op hierdie reël wat volledig in hoofstuk 3 bespreek sal word.

55 Artikel 12 van die *Trustwet*. Die uitsonderings op die reël sal volledig in hoofstuk 3 bespreek word.

56 *Salomon v Salomon & Co Ltd* 1897 AC 22. Die trustees dagvaar ander in hul hoedanigheid as trustees (*Rosner v Lydia Swanepoel Trust* 1998 2 SA 123 (W)). In *First National Bank v Stracham Family Trust* 2000 3 ALL SA 379 (T), het die hof egter beslis dat litigasie eerder in die naam van die trust self moet geskied.

belastingdoeleindes word beide geag 'n persoon in eie reg te wees. By registrasie moet die besigheidseiendomme in die naam van die besigheid en nie in die naam van die direkteure of trustees geregistreer word nie. Daar is dus nie veel verskille tussen die werklike aard van hierdie twee tipes ondernemings nie.

Verder moet ingedagte gehou word dat regspersoonlikheid verkry kan word deur gedrag. Ek is oortuig dat as die vereistes van Pienaar[57] op die trust aangewend word, die trust wel oor regspersoonlikheid kan beskik.

De Waal is akkuraat wanneer hy sê:

> Teoreties is die trust nie 'n regspersoon of 'n entiteit met afsonderlike persoonlikheid nie maar prakties word dit gereeld, en om 'n veeltal redes, as een behandel.[58]

## 3 Die regsposisie van direkteure en trustees

### *3.1 Die direkteure van 'n maatskappy*

Die *Maatskappywet* definieer die direkteur as:

> Ook iemand wat die posisie van direkteur of alternatiewe direkteur van 'n maatskappy beklee, by watter naam hy ook al bekend staan.[59]

Hierdie definisie van die direkteur sluit persone in wat die funksies van 'n direkteur verrig, maar wat nie regsgeldige volmag het om so op te tree nie.[60] In die verlede is daar al na die direkteur as 'n trustee verwys,[61] agent van die maatskappy, besturende vennoot en betaalde dienaar.[62] Hierdie begrippe bied egter nie 'n voldoende en

57 Sien paragraaf 2.2.1. Die trust is die draer van regte en verpligtinge afsonderlik van sy trustees Die trust beskik oor 'n interne gesagstruktuur wat kan voortbestaan sonder die wisseling van individue en die sogenaamde "besigheidstrust" het die voorafbepaalde hoofdoel om wins te maak.

58 De Waal *Anomalieë* 25.

59 A 1(1).

60 Williams *Corporate and Partnership Law* 149. Hierdie persoon word gewoonlik na verwys as 'n *de facto* direkteur, bv waar 'n persoon genomineer is om as direkteur op te tree maar wie se nominasie vanweë 'n defek of onreëlmatigheid ongeldig is.

61 Die direkteur en trustee sal deurentyd vergelyk word om te bepaal of daar wel ooreenkomste tussen die twee ampte bestaan.

62 Cilliers ea *Koperatiewereg* 116.

akkurate beskrywing van die direkteur van 'n maatskappy nie. Om dié rede sal die funksies, regte en verpligtinge en die verhouding waarin die direkteur teenoor sy direksie, die maatskappy en die aandeelhouers (lede) staan, krities ontleed word.

### *3.1.1 Regsverhouding: Direkteur teenoor die maatskappy en sy lede*

Daar moet eerstens gelet word op die feit dat die blote ampsbekleding as direkteur geen kontraktuele verhouding tussen die maatskappy en die direkteur skep nie.[63] Dit is so omdat die direkteur as orgaan van die maatskappy beskou word. Die direkteur kan wel op verskeie wyses in 'n kontraktuele verhouding met die maatskappy tree. Dit is in die geval waar hy ook as 'n kommissie agent of as een van die werknemers van die maatskappy optree. By die toevoeging van hierdie opdragte word hy dan 'n funksionaris in die maatskappy. [64]

In die interne opset van die maatskappy word die direkteur, soos genoem, as 'n orgaan van die maatskappy beskou. In hierdie interne opset ontstaan 'n bevoegdheidsverdeling tussen die ledevergadering en die direksie. Wanneer die direkteur binne hierdie bevoegdheidsverdeling optree, word die optrede as dié van die maatskappy gesien.[65] Wanneer die optrede na buite is, tree die direkteur volgens Cilliers[66] as verteenwoordiger op.[67] Die direkteur word dus in verskillende lig gesien, afhangende of dit 'n interne of eksterne optrede is.

In *Cohen v Segal*[68] het die hof die probleem rakende die beskrywing van die direkteur soos volg uiteengesit:

---

63 Benade ea *Ondernemingsreg* 118. Die statute bring ook nie sodanige verhouding tot stand nie.

64 Benade ea *Ondernemingsreg* 119. Hierdie regsverhouding is dus nie geyk nie. Dit moet binne die raamwerk van die heersende omstandighede in elke geval bepaal en ondersoek word.

65 Cilliers ea *Koperatiewereg* 117.

66 Cilliers ea *Koperatiewereg* 117. Die hof het in *Parry, Leon & Hayhoe v Shapiro & Co* 1930 EDL 132 beslis dat 'n direkteur wat 'n verhandelbare dokument in 'n maatskappy se naam teken inderdaad as die maatskappy teken en nie as 'n agent nie.

67 Volgens Gibson ea *Mercantile law* 350 word die besturende direkteur geag 'n agent te wees indien die besturende direkteur uitdruklike of geïmpliseerde volmag van die direkteure ontvang het. Wanneer derdes met hierdie direkteur 'n transaksie aangaan, kan hul aanneem dat die persoon voldoende volmag het om die transaksie aan te gaan as gevolg van die skyn wat geskep is (estoppel). Sien ook *NBS Bank Ltd v Cape Produce Co (Pty) Ltd* 2002 1 SA 396 (HHA).

68 1970 3 SA 702 (W). In die saak is ook aangevoer dat direkteure kommersiële persone is, wat beheer en handel dryf vir hulself en alle ander aandeelhouers op (706).

> Directors are from time to time spoken of as agents, trustees or managing partners of a company, but such expressions are not used as exhaustive of the powers and responsibilities of those persons, but only as indicating useful points of view from which they may for the moment and for the particular purpose be considered.[69]

Derhalwe word tereg aangevoer dat 'n direkteur inderwaarheid 'n fidusiêre posisie in die maatskappy beklee. In hierdie hoedanigheid tree hy op as orgaan en verteenwoordiger afhangende van die tipe optrede wat uitgeoefen word.

### *3.1.2 Regte en verpligtinge van direkteure*

Een of meer direkteure of selfs die hele direksie is vir die bestuur van die maatskappy verantwoordelik. Wanneer slegs sommige van die direkteure die bestuur behartig, tree die volle direksie gewoonlik in 'n toesighoudende rol op.[70]

Die regte en verpligtinge van die direkteure word hoofsaaklik bepaal deur sy/haar kontrak met die maatskappy indien daar een is (byvoorbeeld 'n dienskontrak), die akte en statute van die maatskappy en die gemenereg.[71]

Die verpligtinge van die direkteur kan onder twee hoofkategorieë verdeel word: Eerstens sy[72] fidusiêre pligte van betroubaarheid en vertroulikheid en tweedens sy plig om met sorg en vaardigheid op te tree.

#### 3.1.2.1 Vertrouenspligte

Die direkteur staan in 'n vertrouensverhouding teenoor die maatskappy. Dit beteken dat die direkteur in goeie trou teenoor sy maatskappy moet handel en sy amp as direkteur tot voordeel van die maatskappy moet aanwend. Die verbreking van die direkteur se vertrouenspligte kan in een van vier kategorieë val, naamlik (a) die botsing van belange; (b) die oorskryding van die perke van sy bevoegdhede; (c) die

---

69 *Cohen v Segal* 1970 3 SA 702 (W) 706. Die hof het beslis dat die direkteur 'n kommersiële persoon is wat vir homself en vir die ander aandeelhouers handel dryf.

70 Benade ea *Ondernemingsreg* 137.

71 Benade ea *Ondernemingsreg* 125.

72 Die manlike vorm sluit ook die vroulike vorm in.

handhawing van 'n onbelemmerde diskresie; (d) en die aanwending van sy magte vir 'n ander doel as waarvoor dit verleen is.

In *Phillips v Fieldstone*[73] moes die hof die vraag beantwoord van wanneer 'n persoon in 'n fidusiêre verhouding teenoor die maatskappy staan. Die hof het beslis dat die bestaan 'n fidusiêre verhouding 'n feitevraag is. Dit moet bepaal word met verwysing na die partye se onderlinge verhouding en met inagneming van die omringende omstandighede.[74] Die hof het die volgende karaktereienskappe met betrekking tot die vasstelling van die bestaan van so 'n verhouding uitgewys:

> That relationships in which a fiduciary obligation has been imposed are marked by three characteristics: (1) scope for the exercise of some discretion or power; (2) that power or discretion can be used unilaterally so as to effect the beneficiary's legal or practical interests; and (3) a peculiar vulnerability to the exercise of that discretion or power.[75]

Ek stem saam met die konklusie dat 'n fidusiêre verhouding derhalwe uit die aard van die verhouding ontstaan en nie geleë is in die spesifieke kategorie van persoon wat betrokke is nie.[76]

(a) Botsing van belange

'n Persoon mag geen ander voordeel uit sy amp bekom as dít waartoe hy deur middel van direkteursvergoeding geregtig is nie.[77] Die direkteur moet homself nie in 'n posisie plaas waar sy plig om tot voordeel van die maatskappy te handel in konflik met sy persoonlike belange kom nie.

In *Cyberscene v I-Kiosk Internet and Information*[78] het sommige direkteure van 'n maatskappy beplan om 'n kompeterende besigheid te begin.[79] Die hof het beslis dat

---

73 *Phillips v Fieldstone Africa (Pty) Ltd and Another* 2004 3 SA 465 (HHA).

74 *Phillips v Fieldstone Africa (Pty) Ltd and Another* 2004 3 SA 465 (HHA) 477 H-I. Die hof het beslis dat die appellant in 'n posisie van vertroue en goeie trou gestaan het en dat niks meer nodig was om 'n saak van fidusiêre plig uit te maak nie (477I-478A).

75 *Phillips v Fieldstone Africa (Pty) Ltd and Another* 2004 3 SA 465 (HHA) 482C-E.

76 Die fidusiêre verhouding kan myns insiens daarom uitgebrei word na die trustees van 'n trust. Sien paragraaf 478E-F.

77 Benade ea *Ondernemingsreg* 126.

78 *Cyberscene Ltd and Others v I-Kiosk Internet and Information (Pty) Ltd* 2000 3 SA 806 (K).

79 Die applikante, 'n publieke maatskappy en sy besturende direkteur, het 'n interdik aangevra om hierdie onregmatige optrede van die respondente, wat steeds as direkteure en senior werknemers opgetree het, te verhoed. Hulle het aangevoer dat die respondente die publieke

'n direkteur sy fidusiêre plig verbreek, waar hy die maatskappy se konfidensiële inligting tot sy eie voordeel (in die geval die oprigting van die nuwe besigheid) gebruik of waar hy kontraktuele geleenthede van die maatskappy saboteer.[80]

In *Movie Camera Company v Van Wyk*[81] was die feite soortgelyk aan dié van die *Cyberscene*- en *Atlas*-sake. Die verskil het egter daarin gelê dat die direkteur bedank het omdat hy ongelukkig in sy werk was. Sy doel met die oprigting van die nuwe besigheid was nie om die ander maatskappy te ondermyn nie. Wanneer hy en sy toekomstige kollegas bymekaar gekom het, was dit nie in sy hoedanigheid as direkteur nie, maar in sy persoonlike hoedanigheid. Die hof het daarom beslis dat hy nie sy vertrouenspligte teenoor die maatskappy verbreek het nie. Na my mening sou hierdie uitspraak waarskynlik anders wees indien die direkteur sy "binnekennis" sou gebruik het tot voordeel van die nuwe besigheid, ongeag sy goeie bedoelings.[82]

(b) Oorskryding van bevoegdhede

Dit is die direkteur se plig om hom te hou aan die perke wat deur die maatskappy aan hom gestel is. Indien die direkteur buite sy bevoegdhede optree (*ultra vires*), kan die maatskappy of die ander party aanvoer dat die handeling nietig[83] is.[84]

(c) Onbelemmerde diskresie

---

maatskappy se naam, eiendomsregte, klandisiewaarde en besigheidsgeleenthede ondermyn het. Sien ook Pretorius ea *Business Entities* 103 –105.

80 *Cyberscene Ltd and Others v I-Kiosk Internet and Information (Pty) Ltd* 2000 3 SA 806 (K) 820. In *Atlas Organic Fertilisers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd and Others* 1981 2 SA 173 (T) het die direkteur van 'n maatskappy, terwyl hy sy bedankingsmaand gewerk het, stappe geneem om 'n nuwe kompeterende besigheid te begin. Die hof het gevind dat dit wel in orde was, maar vanweë die sabotering van langtermyn kontrakte en sy aanmoeding aan bestaande werknemers om deel van sy besigheid te word, het dit op 'n verbreking van sy fidusiêre verpligtinge neergekom.

81 *Movie Camera Company (Pty) Ltd v Van Wyk and Another* 2003 2 All SA 291 (K).

82 Dit is ook die plig van die trustee om 'n botsing van belange te vermy. Sien paragraaf 3.2.2.1.

83 Cilliers ea *Koperatiewereg* 144. Hierdie handeling kan wel ingevolge artikel 36 van die *Maatskappywet* geldig verklaar word. Vir 'n volledige bespreking van artikel 36, sien Benade ea *Ondernemingsreg* 141-142.

84 Daar word ook van die trustee verwag om hom te hou by die bevoegdhede wat aan hom gestel word. Indien hy sy bevoegdhede oorskry, kan die handeling nietig verklaar word of hy kan persoonlik vir sy dade aanspreeklik gehou word. Sien paragraaf 3.2.2.3.

Die direkteur moet onbevooroordeeld die belange van die maatskappy bevorder. As dit in die beste belang van die maatskappy sal wees dat 'n direkteur op 'n sekere wyse moet op tree, is dit 'n verpligting wat op die direkteur rus.[85] Hierdie onbelemmerde diskresie duur voort selfs ná 'n direkteur bedank het. In *S v De Jager*[86] het die direkteur 'n persoon in sy plek aangestel wat hy geweet het nie die mas sou kon opkom nie. Die hof het beslis dat die direkteur in die gegewe geval sy diskresie belemmerd uitgevoer het.[87]

Ten opsigte van die vraag of 'n direkteur sy onbelemmerde diskresie uitvoer, sal die howe hul ondersoek tot motiverende en prosedurele kwessies beperk. Wat hiermee bedoel word is byvoorbeeld dat wanneer getuienis daarop dui dat 'n direkteur 'n ernstige verkeerde besluit geneem het, dit vir die howe 'n bewys sal wees dat die direkteur nie die genoegsame sorg en goeie trou aangewend het om 'n onbelemmerde diskresie uit te voer nie. Met ander woorde, hoe belangriker die besluit vir die maatskappy is, hoe gunstiger is die geleentheid dat die howe die feite rondom die saak in ag sal neem.[88] Ook in hierdie geval word elke saak op eie meriete beoordeel.[89]

Hierdie kategorie van vertrouenspligte het verrykende gevolge vir direkteure wat onuitgereikte aandele wil uitreik. Die doel van die direkteur moet wees om verdere kapitaal vir die maatskappy te bekom en nie om beheer vir hulself te verseker of om ander persone in die maatskappy se belange te benadeel nie. [90] Verder moet die direkteur ook nie sy bevoegdhede misbruik om die oorname van die maatskappy te fnuik nie.[91] Vanweë die subjektiewe aard van die kategorie, sal die uitkoms grotendeels afhang van die diskresie van die hof.

#### 3.1.2.2 Plig tot sorg en vaardigheid

[85] Cilliers ea *Koperatiewereg* 145. Ongeldige en optredes wat teen die openbare belang is, kan egter nie afgedwing word nie.

[86] *S v De Jager* 1965 2 SA 616 (A).

[87] *S v De Jager* 1965 2 SA 616 (A) 622-623. In *Fulham Football Club Ltd v Cabra Estates plc* 1994 1 BCLC 363 (CA) 392 het die hof beslis dat dit die direkteur se plig is om *bona fide* teenoor die maatskappy op te tree.

[88] Kennedy-Good en Coetzee 2006 *Obiter* 70-71.

[89] Dieselfde geld vir die trustee. Die hof kan gelas dat 'n trustee persoonlik aanspreeklik gehou word vir sy besluite indien hy nie die nodige sorg aangewend het nie. Sien paragraaf 3.2.2.3.

[90] Benade ea *Ondernemingsreg* 129.

[91] Cilliers ea *Koperatiewereg* 146.

Daar rus 'n verpligting op die direkteur om die maatskappy met sorg en vaardigheid te bestuur. Hierdie verpligtinge is nie 'n fidusiêre verpligting nie. Met ander woorde, dit spruit nie uit sy fidusiêre verhouding met die maatskappy nie.[92] Volgens Williams[93] weeg die plig om sy vertrouensverpligtinge na te kom swaarder as om met sorg en vaardigheid op te tree. Die redes vir bogenoemde opmerking is omdat 'n direkteur nie 'n werknemer van die maatskappy is nie.[94] Hy het nie 'n kontraktuele verpligting om met die nodige sorg en vaardigheid op te tree nie. Waar 'n persoon 'n sekere beroep soos 'n ouditeur of apteker beklee, kan die hof met meer gemak bepaal of die betrokke persoon nie sy verpligting nagekom het nie. Die direkteur het geen praktiese eksamen of praktiese ondervinding nodig om te kwalifiseer as direkteur nie.[95] Daar bestaan dus geen maatstaf waaraan die hof sy pligte kan meet nie.

In *City Equitable Fire Insurance Co Ltd*[96] het die hof aangevoer dat dit onmoontlik is om die pligte van direkteure in algemene terme of andersins te beskryf. Die pligte wat die direkteur moet nakom, sal afhang van die soort besigheid waarin hy homself bevind. Die pligte van 'n direkteur van 'n versekeringsmaatskappy sal byvoorbeeld verskil van die pligte van 'n direkteur van 'n bank.[97] Samevattend sê die hof:

> There are...one or two... general propositions that seem to be warranted by the reported cases; (1) A director need not exhibit in the performance of his duties a greater degree of skill than may reasonably be expected from a person of his knowledge and experience...(2) A director is not bound to give continuous attention to the affairs of his company.[98]

In *Fisheries Development Corporation*[99] het die hof die beslissing in *City Equitable Fire Insurance*[100] bevestig. Die hof het beslis dat die direkteur nie aanspreeklik gehou kan word vir "mere errors of judgement"[101] nie. Die direkteur moet egter steeds sy bevoegdhede met redelike sorg en vaardigheid aanwend.

---

92 Williams *Corporate and Partnership Law* 161.
93 Williams *Corporate and Partnership Law* 161.
94 Sien 3.1.1.
95 Williams *Corporate and Partnership Law* 161.
96 *In re City Equitable Fire Insurance Co Ltd* 1925 1 Ch 407.
97 *In re City Equitable Fire Insurance Co Ltd* 1925 1 Ch 407 426.
98 *In re City Equitable Fire Insurance Co Ltd* 1925 1 Ch 407 428.
99 *Fisheries Development Corporation of SA Ltd v Jorgensen* 1980 4 SA 156 (W).
100 *In re City Equitable Fire Insurance Co Ltd* 1925 1 Ch 407.
101 *Fisheries Development Corporation of SA Ltd v Jorgensen* 1980 4 SA 156 (W) 165.

> Nevertheless, a director may not be indifferent or a mere dummy. Nor may he shelter behind culpable ignorance or failure to understand the company's affairs.[102]

Indien die direkteur nie sy sorgsaamheidsverpligtinge nakom nie, kan hy deur die maatskappy vir skadevergoeding aanspreeklik gehou word. Indien daar boonop 'n kontrak tussen die direkteur en die maatskappy bestaan het, kan hy hom ook aan kontrakbreuk skuldig maak.[103]

Samevattend kan dus gesê word dat die direkteur te alle tye die belange van die maatskappy voorop moet stel wanneer hy in sy bevoegdheid as direkteur optree. Hy moet sorg dra dat geen botsing van belange plaasvind nie; hy nie sy bevoegdhede oorskry nie; en dat hy 'n onbelemmerde diskresie sal uitvoer. Indien die maatskappy skade ly vanweë die direkteur se verbreking van fidusiêre verpligtinge sal die maatskappy en nie die direkteur nie, verantwoordelik wees vir die verliese. Dit is so vanweë die maatskappy se regspersoonlikheid. Dit is duidelik en ek is oortuig dat met betrekking tot al hierdie verpligtinge dieselfde vir die trustee van 'n trust geld. Dit sal vervolgens ondersoek word.[104]

## *3.2 Trustees van 'n trust*

### *3.2.1 Regsverhouding: Trustees teenoor die ander trustees, trustbegunstigdes en trust*

Die trustee is die party wat verantwoordelik is vir die administrasie van die trusteiendom tot voordeel van die trustbegunstigdes.[105] Die *Trustwet* definieer die trustee soos volg:

> Iemand (met inbegrip van die oprigter van 'n trust) wat as trustee optree uit hoofde van 'n magtiging kragtens artikel 6 en ook iemand wie se aanstelling as trustee by die inwerkingtreding van hierdie Wet reeds van krag is.[106]

---

102 *Fisheries Development Corporation of SA Ltd v Jorgensen* 1980 4 SA 156 (W) 166.
103 Cilliers ea *Koperatiewereg* 148.
104 Wanneer die direkteur egter roekeloos optree, kan die beginsel van "piercing of the corporate veil" toegepas word. Dit beteken dat die direkteur persoonlik verantwoordelik sal wees vir die verliese gely. Hierdie aspek sal volledig in hoofstuk 5 bespreek word.
105 Honoré en Cameron *Trusts* 1.
106 A 1.

Artikel 6(1) van die *Trustwet* bepaal dat 'n trustee slegs mag optree in sy hoedanigheid as trustee, as die Meester hom skriftelik daartoe gemagtig het. Die vraag wat ontstaan, is of 'n handeling wat voor die magtiging plaasvind geldig is? In *Simplex v Van der Merwe*[107] het die hof 'n handeling wat voor die magtiging van die Meester plaasgevind het *ab initio* nietig verklaar.[108] Die hof het in *Kropmann v Nysshen*[109] 'n ander benadering gevolg en beslis dat daar geen rede is waarom die hof nie sy diskresie kan gebruik en sodanige handeling kan ratifiseer nie. Maar in die beslissing van *Van der Merwe v Van der Merwe*[110] het die hof die benadering van die *Simplex*-saak gevolg. Daar word nou aanvaar dat 'n handeling wat voor die magtiging van die Meester plaasgevind het nietig beskou word.[111]

Die trustee kan dus nie in sy amp optree voor hy nie magtiging van die Meester verkry het nie. Die verhouding waarin die trustee teenoor die trustees en trustbegunstigdes staan, sal verduidelik word aan die hand van die regte en verpligtinge van die trustees.

### *3.2.2 Die regte en verpligtinge van trustees*

Die verpligtinge van die trustee het sy ontstaan uit drie bronne. Eerstens kan die oprigter van die trust sekere verpligtinge op die trustees plaas. Hierdie verpligtinge sal dus van trust tot trust verskil. Dan is daar ook die algemene verpligtinge wat uit

107 *Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe and Others NNO* 1996 1 SA 111 (W).

108 *Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe and Others NNO* 1996 1 SA 111 (W) 113E. Die hof het verklaar dat hierdie transaksie nie ratifiseerbaar is nie, omdat 'n handeling wat nietig is nie geratifiseer kan word nie. Die hof het hom nie uitgelaat of artikel 36 van die Grondwet hierdie handeling kan geldig verklaar nie.

109 *Kropmann NNO v Nysschen* 1999 2 SA 567 (T) 576F. In *Watt v Sea Plant Products Bpk and Others* 1998 4 ALL SA 109 (K) was die vraag of die respondente *locus standi* gehad het om voor die hof te verskyn omdat hul nog nie magtiging van die Meester ontvang het nie. Hulle is in hul hoedanigheid as trustees gedagvaar. Die hof het beslis dat artikel 6(1) so geïnterpreteer moet word dat dit slegs te doen het met die verkryging van regte en verpligtinge namens die trust. Dit het geen invloed op die *locus standi* van partye nie (112 I).

110 *Van der Merwe v Van der Merwe en 'n Ander* 2000 2 SA 519 (K).

111 Wood-Bodley MC "The transactions of unauthorized trustees: Section 6(1) of the Trust Property Control Act 1988" 2001 *SALJ* 374-387.

die gemenereg en derdens statutêr voortspruit.[112] Hierdie verpligtinge is vervolgens aan die orde.[113]

### 3.2.2.1 Vertrouenspligte

Soos by die direkteur van 'n maatskappy, staan die trustee in 'n vertrouensverhouding teenoor die trust.[114] Dit bring mee dat die trustee onpartydig in die bestuur van die trust moet optree. Hy mag nie geld van die trust vir persoonlike doeleindes leen, die trusteiendom koop, of dit in sy persoonlike hoedanigheid sedeer nie.[115] Bogenoemde is om die belange van die trustbegunstigdes te beskerm.[116]

'n Uitvloeisel van hierdie vertrouenspligte is dat die trustee 'n konflik tussen sy persoonlike belange en dié van die trust moet vermy. In *Jowell v Bramwell-Jones*[117] was die betrokke trustee ook een van die trustbegunstigdes. Sy het regte uit die trustakte verkry wat haar instaat gestel het om met die trustbates te handel soos sy goedgedink het. Hierdie regte het veroorsaak dat sy bo die ander trustbegunstigdes bevoordeel word. Die hof het beslis dat hierdie regte nie tot kontrakbreuk as sodanig

112 'n Volledige uiteensetting van die verpligtinge van die trustee word gegee in Du *Toit South African Trust Law 67 –74.* Vir hierdie doeleindes van die navorsing sal slegs daardie verpligtinge bespreek word wat vir die onderwerp noodsaaklik is.

113 Die direkteur se pligte spruit voort uit die kontrak wat hy met die maatskappy aangaan sowel as uit die akte en statute. Laasgenoemde kan met die trustakte van die trust vergelyk word. Verder is albei aan die gemenereg onderworpe. Sien paragraaf 3.1.2.

114 In *Doyle v Board of Executors* 1999 2 SA 805 (K) 812 het die hof beslis dat dit nie bevraagteken kan word nie dat die 'n trustee 'n fidusiêre amp beklee. Die trustbegunstigdes het die reg op inligting omtrent die bestuur van die trust.

115 Du Toit *South African Trust Law* 71.

116 So ook is dit die plig van die direkteur om slegs as orgaan van die maatskappy op te tree. Hy mag nie bates in sy eie naam registreer nie of transaksies in sy eie naam aangaan nie. Dit is ten doel om die ander aandeelhouers en lede van die maatskappy te beskerm. Sien paragraaf 3.1.2.1.

117 2000 3 SA 274 (HHA). Die appellant (Jowell) was een van vier kapitaalbegunstigdes kragtens 'n testamentêre trust. Die appellant se vader het in sy testament voorsiening gemaak vir die oprigting van 'n trust waar sy vrou 'n inkomstebegunstigde en trustee sou word. Sy vier kinders is as kapitaalbegunstigdes genoem. In die trust sou alle aandele wat deur die vader gehou is, in die trust gevestig word en die vrou sou op alle inkomste en dividende geregtig wees. Die vrou het besluit om te emigreer na Kanada, om so haar inkomste te vermeerder. Sy het met die hulp en advies van die respondente 'n skema bewerkstellig waar sy die aandele sou verkoop. Die winste uit die verkoop van die aandele sou dan aan die trust geleen word. In haar kapasiteit as trustee sou sy dan die geld gebruik om Eskom aandele te koop. Hierdie aandele sou beter dividende genereer as die aandele wat sy uit die testament verkry het. Jowell het 'n deliktuele eis ingestel wat hy beweer het, het ontstaan as gevolg van ekonomiese skade wat uit 'n beweerde vermindering in die waarde van sy aandele (kapitaal in trust) voortgevloei het.

gely het nie.[118] Sy is deur middel van die bepalings in die testament en nie deur haar eie toedoen nie, bevoordeel. Wanneer bepaal moet word of 'n trustee sy of haar belange bo dié van die trust plaas, sal die dokumente wat sy of haar regte uiteensit, noukeurig bestudeer moet word.

Die vertrouenspligte van die trustee stem dus grootliks ooreen met dié van die direkteur van 'n maatskappy: Die trustee bedryf die trust tot voordeel van die trustbegunstigdes. Hy mag dus nie sy eie belange bo dié van die trust s'n plaas nie.[119] Die trustee mag nie sy bevoegdhede soos in die trustakte en *Trustwet* voorgeskryf, oorskry nie.[120] Dit is die plig van die trustees om 'n onbelemmerde diskresie uit te voer wanneer hulle met die regte van die trustbegunstigdes werk.[121] Laastens moet die trustee hul magte aanwend vir die doel waarvoor dit verleen is.[122]

#### 3.2.2.2 Plig tot sorg en vaardigheid van trustees

'n Trustee moet die trustgoed hanteer soos wat hy 'n ander persoon se goed sou hanteer.[123] Daar weeg dus 'n swaarder sorgsaamheidsplig op die trustee as wat dit sou gewees het indien hy die trustgoed moes hanteer asof dit sy eie was.[124] Verder bepaal artikel 9(1) van die *Trustwet* dat die trustee sy pligte moet uitoefen met sorgsaamheid, ywer en kundigheid.[125]

#### 3.2.2.3 Regspraak rakende die regte en verpligtinge van die trustee

118 *Jowell v Bramwell-Jones* 2000 3 SA 274 (HHA) 284H.

119 Dit stem ooreen met die beginsel van vermyding van 'n botsing van belange wat by die direkteur van toepassing is. Sien *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K) en *Badenhorst v Badenhorst* 2006 2 SA 255 (HHA) hieronder.

120 Sien paragraaf 3.2.1 en 3.1.2.1.

121 Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 406. In *NBS Boland Bank Ltd v One Berg River Drive CC* 1999 4 SA 928 (HHA) het die regter bevind dat die diskresie wat trustees by diskresionêre trusts uitoefen in die algemeen altyd *bona fide* en billik moet wees. Dit gaan hier egter nie net oor die uitoefening van 'n diskresie by 'n diskresionêre trust nie. Dit gaan oor die onbelemmerde diskresie in die bedryf en bestuur van die trust in die algemeen.

122 'n Trustee mag bv nie die bates van die trust aanwend om sy skuldeisers en eise van sy eggenoot te ontduik nie. Sien *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K) en *Badenhorst v Badenhorst* 2006 2 SA 255 (HHA) hieronder.

123 Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 353.

124 Coetzee *Trustbegunstigdes se regte* 354.

125 A 9(2) bepaal dat 'n bepaling in 'n trustake wat 'n trustee vrywaar teen aanspreeklikheid van troubreuk indien hy versuim om die mate van sorg in artikel 9(1) aan te wend, nietig is.

In die laaste paar jaar het die misbruik van die trust deur die trustees drasties toegeneem. Meer male word die trust gebruik om skuldeisers te fnuik en selfs om die trustees se gades in die proses van 'n egskeiding te benadeel. Die trustees handel met die trusteiendom asof dit deel is van hul persoonlike boedel. Die hof het in afsonderlike uitsprake gelas dat die trusteiendom in sulke gevalle deel van die trustee se persoonlike eiendom uitmaak – presies die teenoorgestelde wat die trustee beoog het.

In *Jordaan v Jordaan*[126] het getuienis in die saak getoon dat die verweerder nie die formaliteite van 'n trust nagekom het nie. Daar het onder andere groot bedrae geld tussen die onderskeie trusts gevloei sonder enige formele besluit. Die state van die trust het aangetoon dat die trust so gestruktureer was dat die verweerder (trustee) se inkomste belastingvry is. Voorts het dit uit die getuienis geblyk dat die verweerder die inkomste van al die trusts effektief as inkomste van sy eie beskou het. Die verweerder se eie getuienis het verder daarop gedui dat hy die trusts as sy *alter ego* beskou het. Dit was 'n manier waarop hy vir homself 'n finansiële voordeel kon bewerkstellig.[127]

Die hof het beslis dat, alhoewel die verweerder se magte aan die bepalings van die onderskeie trustaktes en die *Trustwet* onderhewig was, dit in ag geneem moes word dat die verweerder in die verlede die trusts gebruik het om vir hom finansiële voordeel in sy persoonlike hoedanigheid te bewerkstellig. Die finansiële voordele het daarop neergekom dat sy belasting: die verminder het omdat sy boedel kleiner was. Dit sou ook boedelbelasting spaar. Verder het dit hom in staat gestel om die

126 2001 3 SA 288 (K) 289. Die feite was soos volg: Die verweerder 'n suksesvolle sakeman, was tydens sy huwelik buite gemeenskap van goed met die eiseres getroud. Hy het 'n groot boedel opgebou. Hy het sekere trusts gestig. Daarmee wou hy sy besigheidsbelange bevorder. Hy het ook 'n plaas waarop een van die trusts boerdery bedryf het, geërf. Die eiseres het tuis gebly en vir hulle twee kinders, waarvan een gestremd was, gesorg. Na die huweliksverhouding vebrokkel het, het die eiseres die verweerder vir 'n egskeiding gedagvaar. Onder andere het sy 'n herverdelingsbevel ingevolge die bepalings van a 7(3) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979 gevra. Alhoewel dit nie in geskil was nie dat die eiseres geregtig was op 'n bevel ingevolge a 7, was die omvang van die bevel in geskil geplaas. Die verweerder het oa beweer dat die trusts buite rekening gehou moet word by die bepaling van sy boedel. So ook die plaas wat hy geërf het.

127 *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K) 300 E-G en 301 B-C.

skuldeisers se eise asook die eiseres se egskeidingseise te omseil.[128] Die trust is derhalwe misbruik om hom self te bevoordeel, terwyl persone wat 'n belang in die trust gehad het, benadeel is. Die hof het om dié rede beslis dat dit redelik en billik is om die trustbates as deel van die verweerder se persoonlike bates te ag.[129]

In die beslissing van *Badenhorst v Badenhorst*[130] het die vraag weer na vore gekom of trustbates deel van 'n persoon se persoonlike bates kan vorm na aanleiding van 'n herverdelingsbevel ingevolge die *Wet op Egskeiding.* [131]

In hierdie saak was die feite kortliks soos volg: Die vrou (appellant) het aansoek gedoen vir 'n herverdelingsbevel ingevolge die *Egskeidingswet*. In hierdie aansoek het sy aangevoer dat die trustbates as deel van die man (respondent) se persoonlike bates geag moes word, omrede hy die trust as sy *alter ego* bestuur het. Die trust is gedurende die huwelik van die betrokke partye opgerig. By die oprigting van die trust het die man aan die vrou verduidelik dat die doel was om hulle teen die eise van skuldeisers te beskerm en om boedelbelasting te spaar. Die man en sy broer was die trustees terwyl die vrou 'n inkomstebegunstigde en die kinders kapitaalbegunstigdes van die trust was.[132]

Die hof het beslis dat dit vir hierdie doeleinde nodig was om te bewys dat die party (die respondent) beheer oor die trust gehad het en was dit nie vir die trust nie, sou hy die bates in sy eie naam besit het.[133] Die hof het verder aangevoer dat 'n onderskeid tussen *de facto-* en *de iure* beheer getref moet word.[134] Soos in die *Jordaan*-saak het die hof gevind dat die respondent selde sy mede-trustees se toestemming oor die bestuur van die trust gevra het. Hy het nie die nodige onderskeid tussen sy persoonlike bates en die bates van die trust getref nie. Dit het daartoe gelei dat die

---

128 *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K) 299G - 300C-D Volgens artikel 9(1) van die *Wet op die Beheer oor Trustgoed* moet die trustee die trustgoed hanteer soos wat redelikerwys verwag kan word van 'n persoon wat die sake van 'n *ander* hanteer (klem ingevoeg).

129 *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K) 301D – D-E.

130 2006 2 SA 255 (HHA).

131 Artikel 7(3) van die *Wet op Egskeiding* 70 van 1979 (hierna "die *Egskeidingswet*").

132 Die feite is soortgelyk aan die *Jordaan*-saak. Die uitspraak is egter belangrik deurdat die hof in meer diepte in gegaan het op die aspek van die *beheer* van die trust deur die trustees

133 *Badenhorst v Badenhorst* 2006 2 SA 255 (HHA) 260I-J-261A.

134 *De iure* beheer is waar die trustakte voorsiening maak vir meerdere trustees wat saam die trust moet beheer en bestuur. *De facto* beheer is waar net een van hulle nou inderdaad die trust beheer. *De iure* en *de facto* beheer kan dus gelyk voorkom (*Badenhorst v Badenhorst* 2006 2 SA 255 (HHA) 261A-C).

trustee in werklikheid *de facto* beheer oor die trust gehad het.[135] Die hof het beslis dat die trustbates daarom deel van die respondent se persoonlike bates vorm.

Joffe[136] is van mening dat hierdie uitspraak 'n groot invloed op toekomstige trust sake kan hê. Die hof het wegbeweeg van die streng kontraktuele (teoretiese) benadering en sy beslissing op die *etiek* van die Suid-Afrikaanse trustreg berus:

> While it is of course too early to come to this radical conclusion, all trust experts now await the next trust case to come before the SCA with great interest. It remains to be seen whether the *obiter* in this case is the start of a new approach, or simply the court taking the opportunity to wax lyrical.[137]

Bogenoemde gevalle het betrekking gehad op herverdelingsbevele. Nietemin het die hof in die *Parker*-saak,[138] waar die trustee geld aan skuldeisers geskuld het, ook die trustbates deel van die trustee se persoonlike bates laat vorm.

In hierdie saak het die hof klem gelê dat daar ten minste een onafhanklike trustee in 'n trust moet wees. Die rede hiervoor is dat die beheer en genot van die trust apart gehou moet word om te verseker dat die belange van die trustbegunstigdes nie benadeel word nie.[139] Dit is egter so dat die skeiding van beheer en genot nie op sigself integriteit van die trustees sal verseker nie. Kernick[140] meen tereg:

> Separation of control and benefit does not in itself ensure integrity, which is a quality that is probably more important than, and which perhaps itself encompasses, independence. And it is the apparent lack of integrity on the part of the Parkers which dismayed the court.[141]

In die *Parker*-saak het die hof daarop gewys dat die trustees gesamentlik moet optree.[142] Hierdie standpunt is in *Thorpe v Trittenwein*[143] herhaal. Die hof moes

---

135 *Badenhorst v Badenhorst* 2006 2 SA 255 (HHA) 261D-I.
136 Joffe H "'Sham' trusts" 2007 *De Rebus* 25-26.
137 Joffe 2007 *De Rebus* 26.
138 *Land & Agricultural Bank of SA v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA).
139 *Land & Agricultural Bank of SA v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA) 87C; Artikel 9(1) van die *Wet op die Beheer oor Trustgoed*.
140 Kernick L " Declaration of independence" 2007 *De Rebus* 27-29.
141 Kernick 2007 *De Rebus* 28.
142 Die hof meld egter dat "*unless authorised otherwise* the Parkers and the son had to act jointly" (eie kursivering). Ingevolge die Parker-saak, bestaan daar wel 'n uitsondering op die reël dat trustees gesamentlik moet optree. Olivier, is van mening dat die trustees hulle van die besluitnemingsprosedures in die trustakte moet vergewis. Hy gebruik *Tijmstra v Blunt-Mackenzie* 2002 1 SA 459 (T) as voorbeeld waar die trustee uit sy amp verwyder is. Met

beslis of 'n verkooptransaksie in die afwesigheid van volmag aan 'n trustee, soos gestel in artikel 2(1) van die *Wet op die Vervreemding van Grond*[144] 'n geldige transaksie daarstel. Die hof het beslis dat by die verkoop van grond elke trustee se volmag of handtekening op skrif gegee moet word om onnodige litigasie te vermy.[145] Wat die hof ook meld is dat in die afwesigheid van 'n klousule wat die teendeel stel, die trustees gesamentlik moet optree.[146] Verder kan die trustees ander trustees volmag gee om namens hulle op te tree. Met ander woorde indien die trustakte stel dat dit trustees nie gesamentlik hoef op te tree nie, maar dat 'n meerderheidsbesluit genoegsaam is, sal 'n transaksie geldig wees al het die trustees nie gesamentlik opgetree nie.

Kloppers[147] is van mening dat die stelling dat trustees altyd gesamentlik moet optree "onjuis en te ruim geformuleer is". Hy vergelyk die posisie met gades wat binne gemeenskap van goed getroud is. Hierdie gades is mede-eienaars van hul bates. Volgens die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984[148] hoef die gades, selfs al is hulle mede-eienaars, nie altyd gesamentlik op te tree nie. Dieselfde kan nou oor die mede-eienaarskap van die trustees, ten opsigte van die trustbates aangevoer word. Claasen[149] voer weer aan dat trustaktes dikwels aan 'n trustee die bevoegdheid verleen om alleen handelinge te verrig mits daar aan sekere voorvereistes voldoen is.[150] Daar bestaan dus gevalle waar die trustees nie gesamentlik hoef op te tree nie. Dit is billik dat derdes onder die indruk mag wees dat 'n trustee bevoeg is om op te tree. Die probleem kom hier in dat die derde nie weet of daar aan die voorvereistes, indien enige, voldoen is nie. Die toepaslikheid en aanwending van die *turquand*-reël is derhalwe inderdaad nodig om hom te beskerm.[151]

---

hierdie ingedagte voer hy aan dat trustees gesamentlik moet optree tensy die trustakte anders bepaal. Olivier *Trustreg en Praktyk* 3-26 – 3-27.

143 *Thorpe and Others v Trittenwein and Another* 2007 2 SA 172 (HHA).

144 *Wet op die Vervreemding van Grond* 68 van 1981 (hierna "die *Wet op die Vervreemding van Grond*").

145 *Thorpe and Others v Trittenwein and Another* 2007 2 SA 172 (HHA) 176F-G. Hierdie vereiste word gestel by die vervreemding van grond ingevolge a 2(1) van die *Wet op die Vervreemding van Grond*. Dit stel dus nie 'n algemene verpligting nie.

146 *Thorpe and Others v Trittenwein and Another* 2007 2 SA 172 (HHA) 176I.

147 Kloppers 2006 *TSAR* 417.

148 A15(2) en a 15(3) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984 (hierna "die *Huweliksgoederewet*").

149 Claasen 2004 *De Rebus* 24.

150 Daar kan gevolglik aangevoer word dat Claasen met Olivier saamstem dat trustees in die algemeen saam moet optree, tensy die trustakte dit anders stel.

151 Die aanwending van die *turquand*-reël sal volledig in hoofstuk 4 bespreek word.

In die bogenoemde sake het die hof nie net die teoretiese aspekte van die trustreg in ag geneem nie, maar ook die beginsels van besigheids etiek toegepas. Dit blyk dat daar 'n wending is wat besig is om plaas te vind. [152] Howe is nie meer so gesteld op *slegs* die teoretiese aspekte van 'n saak nie, maar neem ook die sosiale en pragmatiese aspekte in ag.[153]

## 4 Die *turquand*-reël

Soms magtig die aktes en statute sekere amptenare van 'n maatskappy om sekere bevoegdhede uit te oefen, maar koppel dit aan voorvereistes (soms baie streng voorvereistes). Dit kan nou gebeur dat die statute bepaal dat die handtekening van byvoorbeeld ten minste twee direkteure nodig is om die maatskappy te bind, tensy anders deur die algemene vergadering bepaal word. Alhoewel die statute vir insae vir derde partye ter insae beskikbaar is, het hul geen kennis van die besluite wat op algemene vergaderings geneem word nie. Dus, indien die algemene vergadering besluit dat 'n sekere amptenaar se handtekening op 'n dokument moet wees, sal die derde party nie bewus wees van hierdie besluit nie. Indien 'n transaksie dan gesluit word sonder hierdie spesifieke amptenaar se handtekening en die transaksie word nietig beskou, laat dit die derde party remedieloos in 'n situasie wat regverdiging nodig het.

Om dié rede is die *turquand*-reël in die Engelsregtelike saak van *Royal British Bank v Turquand* ingestel.[154] Die hof het beslis dat 'n derde wat met 'n maatskappy kontrakteer kan aanvaar dat daar aan die interne regulasies en prosedures voldoen

---

152 Sien ook Joffe 2007 *De Rebus* 26.

153 Hierdie benadering word ook gevind in ander regsvelde. In die saak van *Van der Merwe v Road Accident Fund and Another* 2006 4 SA 230 (KH) bv het die hof a 18(b) van die *Huweliksgoederewet* ongeldig verklaar en aangevoer dat met inbegrip van die stellings gemaak deur die *amicus*, die sosiale konteks van huishoudelike geweld in ag geneem moet word (248G-249A).

154 *Royal British Bank v Turquand* (1856) 6 E&B 327; 119 ER 886. In hierdie saak het die konstitusie van die maatskappy bepaal dat die maatskappy van tyd tot tyd geld kon leen deur middel van verbande soos bepaal deur 'n besluit op die algemene vergadering geneem. Aangesien besluite op die algemene vergadering nie gepubliseer word nie moet 'n buitestaander eers navraag doen om te bepaal of daar aan hierdie interne prosedure voldoen is.

is.[155] Die hof het aangevoer dat die *turquand*-reël geformuleer is om 'n buitestaander se ondersoekplig te beperk tot *daardie aangeleenthede wat gepubliseer word.*[156]

Die *turquand*-reël is mettertyd in die Suid-Afrikaanse reg opgeneem.[157] Ook in *Mohamed v Ravat Bombay House*[158] het die hof die beginsels van die *Royal British Bank*-saak toegepas en beslis dat die eiser kon aanneem dat die nodige stappe met betrekking tot die interne prosedures geneem is.

In die onlangse *Farren*-saak[159] moes die hof die toepassing van die *turquand*-reël teenoor artikel 228 van die *Maatskappywet* opweeg.[160] In die saak het 'n gewone direkteur van die respondent maatskappy 'n ooreenkoms met die applikant aangegaan ingevolge waarvan die respondent sy onroerende bates aan die applikant verkoop het. Hierdie eiendom was die enigste eiendom van die respondent. Die respondent het later beweer dat die ooreenkoms ongeldig was omdat die goedkeuring van die aandeelhouers ingevolge artikel 228 van die *Maatskappywet* nie gekry is nie. Die applikant het op die toepassing van die *turquand*-reël gesteun. Die hof het aangevoer dat dit nie die doel van die wetgewer kon wees om die volmag van die direkteure aan bande te lê, terwyl dit geweet het dat die *turquand*-reël die bepaling effektief kon neutraliseer nie.[161] Die hof het beslis dat omrede die bepaling in wetgewing vergestalt is, dit meer gewig dra as 'n gemeenregtelike reël.[162] Artikel 228 van die *Maatskappywet* geniet dus voorrang bo die *turquand*-reël.

### *4.1 Die turquand-reël buite die maatskappyereg*

155 *Royal British Bank v Turquand* (1856) 6 E&B 327; 119 ER 886 888.

156 *Royal British Bank v Turquand* (1856) 6 E&B 327; 119 ER 886. In die saak van *Mahoney v East Holyford Mining Co* (1875) LR 7 HL 869 is die standpunt van die *Royal British Bank*-saak bevestig. Die derde het nie die taak om uit te vind of daar inderdaad so 'n besluit deur die algemene vergadering was nie. Dit is daarna aanvaar dat die reël stewig in die Engelse reg verskans is. Sien ook Cilliers ea *Koperatiewereg* 191-192; Benade ea *Ondernemingsreg* 142-144; Gibson ea *Mercantile Law* 195-196.

157 *Legg & Co v Premier Tobacco Co* 1926 AD 132.

158 *Mohamed v Ravat Bombay House (Pty) Ltd* 1958 4 SA 704 (T).

159 *Farren v Sun Service SA Photo Trip Management (Pty) Ltd* 2004 2 SA 146 (K).

160 A 228 bepaal dat die direkteure van 'n maatskappy die aandeelhouers se goedkeuring op 'n algemene vergadering nodig het om die geheel of wesenlik die geheel van die onderneming van die maatskappy te vervreem.

161 *Farren v Sun Service SA Photo Trip Management (Pty) Ltd* 2004 2 SA 146 (K) 155B-C.

162 *Farren v Sun Service SA Photo Trip Management (Pty) Ltd* 2004 2 SA 146 (K) 155D-F.

In *Mine Workers' Union v Prinsloo*[163] het die hof beslis dat die *turquand*-reël ook in geregistreerde vakverenigings (in die gegewe geval die mynwerkersvakbond) aangewend kan word. In die hof *a quo* is beslis dat dit in die *Royal British Bank*-saak nie in geskil was dat die reël net by maatskappye aangewend moet word nie. Om hierdie rede kan die *turquand*-reël ook by geregistreerde verenigings aangewend word.[164]

Hierdie bogenoemde uitgangspunt is in *National and Overseas Distributors Corporation v Potato Board*[165] aanvaar. In die saak is die aanwending van die *turquand*-reël uitgebrei om ook 'n statutêre vereniging in te sluit, naamlik die Aartappelraad. Die hof verwys na die *Mine Workers*-saak[166] en beslis dat as daar enige rnisverstand of fout deur die raad of sy gemagtigde bestuurder begaan is, dit 'n fout is wat aan die interne bestuur van die korporasie gekoppel is. So 'n situasie moet volgens die *turquand*-reël gereguleer word.[167]

Die hof het die aanwending van die *turquand*-reël in *Potchefstroom se Stadsraad v Kotze*[168] verder uitgebrei na munisipaliteite. Die hof het beslis dat dit uit 'n besigheidsoogpunt onprakties sou wees om die respondent te verplig om navraag oor die stadsklerk se volmag te doen. Dit is onrealisties om van die respondent te verwag om elke raadsvergadering by te woon.

In *Wolpet v Uitzigt Properties*[169] moes die hof beslis wanneer die *turquand*-reël nie van toepassing sal wees nie. In die gegewe geval is skuldbewyse met die stempel van maatskappy daarop, uitgereik. Onderaan was die handtekening van een van die direkteure. Die maatskappy het aanspreeklikheid ontken op grond van die vereiste gestel in die statute dat al die direkteure skuldbewyse moet onderteken. Die hof het die *turquand*-reël beperk tot die volgende aangeleenthede:

---

163 *Mine Workers' Union v Prinsloo* 1948 3 SA 831 (A).

164 *The Mine Workers' Union v JJ Prinsloo: The Mine Workers' Union v JP Prinsloo, The Mine Wokers' Union v Greyling* 1947 4 SA 690 (T) 706.

165 *National and Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 2 SA 473 (A).

166 In die saak is beslis dat 'n korporatiewe entiteit gebonde sal wees aan 'n transaksie indien 'n derde nie bewus was dat daar nie aan die interne formaliteite voldoen is nie.

167 *National and Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 2 SA 473 (A) 474C.

168 *Potchefstroom se Stadsraad v Kotze* 1960 3 SA 616 (A) 622F-H.

169 *Wolpert v Uitzigt Properties* (Pty) Ltd 1961 2 SA 257 (W).

> One thing is clear beyond doubt and that is that the Turquand rule only applies when a third person deals with a registered company *or some similar registered body or corporation.* It certainly cannot apply if a party deals with another individual or individuals or committee of persons in their personal capacities even if they be officials of a company.[170]

'n Baie interessante mening, belangrik vir die onderwerp van hierdie navorsing, is reeds in 1977 geformuleer. Oosthuizen[171] is van mening dat daar uit bogenoemde sake afgelei kan word dat die *turquand*-reël nie tot die maatskappy of selfs regspersone beperk word nie. Hy voer aan dat die reël tot dusver slegs by regspersone aangewend is as gevolg van die feit dat aanvaar is dat die *turquand*-reël nie sonder die leerstuk van toegerekende kennis[172] kan funksioneer nie. Volgens hom is die reël gebaseer op die feit dat persone in 'n maatskappy of vereninging nie elk afsonderlik oor verteenwoordigingsbevoegdheid beskik nie. Die entiteit voer dus sy bestaan deur middel van 'n bestuurliggaam. Die derde is nie bewus van die interne werke van hierdie bestuursliggaam nie en het daarom beskerming nodig.[173]

### *4.2 Die turquand-reël in die trustreg*

By trusts kom die probleem ook in waar die trustakte die bevoegdheid verleen aan 'n trustee om transaksies aan te gaan, mits hy aan sekere voorvereistes voldoen. Die vraag wat dan ook in hierdie geval ontstaan, is of 'n derde verplig word om navraag te doen of daar aan hierdie voorvereistes voldoen is.

In *Man Truck & Bus v Victor*[174] is die *turquand*-reël vir die eerste keer in die trustreg aangewend.[175] In die saak het die besturende trustee (Victor) van die SO Trust 'n

---

170 *Wolpert v Uitzigt Properties* (Pty) Ltd 1961 2 SA 257 (W) 264F (kursivering ingevoeg). Die hof het verder bepaal dat die *turquand*-reël nie van toepassing sal wees in gevalle waar die derde party bewus was dat die direkteur buite sy bevoegdhede opgetree het; waar die omstandighede agterdog wek; en waar die geregistreerde dokumente van die maatskappy dit duidelik uiteensit dat die betrokke amptenaar nie oor die voldoende volmag beskik nie (266F).

171 Oosthuizen 1977 *TSAR* 216.

172 Ingevolge die leerstuk van toegerekende kennis word elkeen wat met 'n maatskappy onderhandel geag ten volle op hoogte met die inhoud van die publieke dokumente van 'n maatskappy te wees. Hierdie kennis van die dokumente word daarom aan elkeen wat met die maatskappy besigheid doen, toegereken. Sien Benade ea *Ondernemingsreg* 139-140.

173 Die skrywer se mening is dus dat die leerstuk van toegerekende kennis nie 'n rol by die aanwending van die *turquand*-reël speel nie. Hy ag beskerming van die belange van derdes meer nodig en meer belangrik as die teoretiese kwessie rondom 'n onderneming se regspersoonlikheid.

174 *Man Truck & Bus (SA) Ltd v Victor en Andere* 2001 2 SA 562 (NK).

borgooreenkoms in sy hoedanigheid as trustee onderteken. Toe die applikant die SO Trust ingevolge die borgooreenkoms aanspreeklik wou hou, het Victor die verweer opgewerp dat hy die borgkontrak sonder die wete en toestemming van sy mede-trustee aangegaan het. Daarom was die ooreenkoms nietig. Tweedens het hy beweer dat die verlening van sekuriteit vir skuld teenoor die applikant nie een van die doelstellings van die trustakte van die SO Trust was nie. Die hof se mening was dat dit uit die bepalings van die trustakte blyk dat slegs die uitvoerende trustee (Victor) die trust kontraktueel kon bind. Hy moes sy opdragte met die goedkeuring van die raad van trustees ontvang. Die uitdrukking "raad van trustees" het volgens die woordomskrywing daarvan in die trustakte "die trustees in amp van tyd tot tyd verteenwoordig op 'n behoorlik saamgeroepte en saamgestelde vergadering" beteken. Volgens die trustakte in die gegewe geval het dit bestaan uit Victor en sy mede-trustee.

Die hof het beslis dat die trustee aan die direkteur van 'n maatskappy gelykgestel moet word. Die uitvoerende trustee se regte en verpligtinge is dieselfde as dié van 'n direkteur.[176] Om hierdie rede sal die *turquand*-reël wel aangewend word.[177] Wat interessant is, is dat die aplikant nooit in die saak aangevoer het dat die *turquand*-reël vanweë teoretiese aspekte nie in die trustreg aangewend kan word nie. Die hof het self ook nie die teoretiese aspekte in ag geneem nie. Sy beslissing is op 'n pragmatiese benadering gebaseer.

*Vrystaat Mielies v Nieuwoudt*[178] het die *Man Truck & Bus*-beslissing gevolg. In hierdie saak het 'n trust 'n ooreenkoms met 'n beslote korporasie aangegaan vir die verkoop van 900 ton mielies. Die ooreenkoms is deur slegs een van die trustees geteken. Die ooreenkoms is later aan Vrystaat Mielies gesedeer. Die trustees het mettertyd beweer dat die ooreenkoms nietig was omdat die ander trustee nie die kontrak geteken het nie. Die hof het beslis dat dit noodsaaklik is dat die *turquand*-reël

---

175 Die feite was kortliks soos volg: Victor het in sy hoedanigheid as een van die trustees van die SO Trust 'n borgakte onderteken ingevolge waarvan die SO Trust borg staan vir die verpligtinge van die C Trust teenoor die applikant.

176 *Man Truck & Bus (SA) Ltd v Victor en Andere* 2001 2 SA 562 (NK) 570E-F. Gevolglik is uitvoerende trustee nie 'n uitvoerende of besturende direkteur nie.

177 *Man Truck & Bus (SA) Ltd v Victor en Andere* 2001 2 SA 562 (NK) 573H. Die hof het gevind dat die trustakte nie die verskaffing van borg verbied nie.

178 *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt en 'n Ander NNO* 2003 2 SA 262 (O).

in die trustreg aangewend word.[179] Die hof het sy beslissing gebaseer op die goeie trou wat daar tussen partye bestaan. Daarbenewens ook die feit dat die trust in toenemende mate vir besigheids doeleindes gebruik word. Dit was die hof se mening dat dit nie geïgnoreer kan word nie.[180]

Die saak is op appèl geneem.[181] Hier het die hof die toepaslikheid van die *turquand*-reël op die gegewe geval bevraagteken. Die hof het bevind dat kragtens klousule 23.4 van die trustakte die magtiging van een trustee aan die ander, dat slegs een hoef te teken slegs op dokumente vir amptelike doeleindes van toepassing is. Die hof van appèl was van mening dat die kontrak onder bespreking, nie vir amptelike doeleindes klassifiseer nie. Die *turquand*-reël is daarom nie van toepassing nie.[182] In hierdie saak is dus nie uitsluitsel gegee of die *turquand*-reël in die trustreg aangewend kan word nie, omdat dit op die ou end nie tersaaklik was nie. Beukes[183] stem saam met die hof *a quo* dat klousule 23.4 wel die trustees die bevoegdheid gegee het om hul volmag te delegeer, deurdat hierdie teken van die kontrak wel op "amptelike doeleindes" neergekom het.

> ... as I cannot see why the signing of an agreement that falls within the business sphere of a trust and which is signed on behalf of that trust cannot be regarded as the signing of a document for 'official purposes'.[184]

Die hof het die geleentheid gehad om uitsluitsel te gee oor die aanwending van die *turquand*-reël in die trustreg. Maar vanweë tegniese punte (wat moontlik verkeerd geïnterpreteer is) is nagelaat om 'n einde aan die onsekerheid oor die onderwerp te bring.

In die *Parker*-saak[185] het die hof weer eens bevind dat die *turquand*-reël nie in die gegewe saak van toepassing is nie. Die hof het wel aangevoer dat die reël in

---

179 *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt en 'n Ander NNO* 2003 2 SA 262 (O) 268D.
180 *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt en 'n Ander NNO* 2003 2 SA 262 (O) 268 A-D.
181 *Nieuwoudt and Another NNO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (HHA).
182 *Nieuwoudt and Another NNO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (HHA) 492D - EF.
183 Beukes 2004 *SA Merc LJ* 269.
184 Beukes 2004 *SA Merc LJ* 269.
185 *Land & Agricultural Bank of SA v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA) 85B-D.

sommige gevalle 'n nuttige rol kan speel om derdes wat te goeie trou met die trust transaksies aangaan, beskerm word. [186]

'n Saak wat nie pertinent op die *turquand*-reël fokus nie maar wat wel 'n insiggewende blik op die maatskappyreg stel, is dié van *TWK Agriculture v NCT Forestry.*[187] Hier moes die hof die vraag beantwoord of die gemeenregtelike beginsels van maatskappye ook ten opsigte van 'n koöperasie aangewend kan word.[188] Die hof het aangevoer dat die maatskappy en die koöperasie beide soortgelyke eienskappe besit.[189] As gevolg van hierdie soortgelyke eienskappe het die hof beslis dat die gemeenregtelike beginsels van maatskappye ook by die koöperasie aangewend kan word. Aangesien die maatskappy direkteure soortgelyk funksioneer as die trust se trustees, kan dieselfde aanname myns insiens met betrekking tot die *turquand*-reël gemaak word. Ook by die trust is beskerming van die trustbegunstigdes en derdes uiters noodsaaklik, veral in sekere omstandighede.

In hierdie saak maak die hof melding van die *Parker*-saak en ook van die feit dat maatskappy-beginsels nie altyd by ander entiteite aangewend kan word nie. Die hof gebruik as voorbeeld die leerstuk van toegerekende kennis, maar brei nie uit op die saak nie.[190] Maar soos Oosthuizen myns insiens oortuigend aangevoer het, is die leerstuk van toegerekende kennis nie noodwendig 'n vereiste vir die aanwending van die *turquand*-reël nie.[191]

### *4.3 Gevolgtrekking*

---

186 *Land & Agricultural Bank of SA v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA) 85C.

187 *TWK Agriculture Ltd v NCT Forestry Co-Operative Ltd and Others* 2006 6 SA 20 (N).

188 In die maatskappyreg is die reël dat wanneer 'n onregmatige daad teen 'n maatskappy gepleeg is, die maatskappy self 'n aksie teen die oortreder moet instel. Daar bestaan 'n uitsondering op die reël. Dit staan as die "*fraud on the minority*" uitsondering bekend. Hierdie uitsondering behels dat aandeelhouers 'n aksie kan instel teen die persone wat in beheer is van die maatskappy en hul pligte verontagsaam het om hul self te bevoordeel. Sodoende word die minderheidsaandeelhouers benadeel (24B en D-I). Sien ook *Foss v Harbottle* 1843 2 Hare 461, 67 ER 189.

189 Albei entieite bestaan afsonderlik van sy lede, word deur 'n bestuursliggaam bestuur alhoewel deur sy lede beheer word. Die meerderheid lede beheer die transaksies wat die entiteit aangaan (31E-F).

190 *TWK Agriculture Ltd v NCT Forestry Co-Operative Ltd and Others* 2006 6 SA 20 (N) 30D-E.

191 Sien paragraaf 4.1.

Daar bestaan teenstrydigheid of die *turquand*-reël in die trustreg aangewend moet word. In hierdie stadium gee die howe[192] nie uitsluitsel oor die onderwerp nie. Van die kritiek teen die aanwending van die *turquand*-reël is dat die trustees gesamentlik moet optree.[193] Hierdie stelling kan bevraagteken word na aanleiding van Kloppers en Claasen se argumente dat hierdie stelling te wyd geformuleer is en veral in die praktyk nie so toegepas word nie; dat daar wel gevalle bestaan waar die trustees hul volmag aan 'n ander trustee kan delegeer.[194] Hierdie bevoegdheid om namens 'n ander trustee op te tree is in die *Thorpe*-saak bevestig waar die hof beslis het dat:

> The trustees could authorise someone to act on their behalf and that such a person could be one of the trustees.[195]

Die argument dat trustees te alle tye gesamentlik moet optree staan dus nie rotsvas in die Suid-Afrikaanse trustreg en -praktyk nie.

Verder beweer akademici dat die *turquand*-reel nie in die trustreg aangewend kan word nie, omdat die trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie. In hoofstuk 2.3 van hierdie navorsing is dit duidelik dat die trust in die meeste gevalle en omstandighede in die praktyk as 'n regspersoon behandel word. Verder van belang is dat die trust aan die vereistes voldoen om as 'n gemeenregtelike regspersoon (deur gedrag) 'n bestaan te voer. In die *TWK*-saak[196] is beslis dat gemeenregtelike beginsels van maatskappye by die koöperasie aangewend kan word vanweë hul soortgelyke eienskappe. Hierdie selfde argument kan gevoer word by die vraag of die *turquand*-reël in die trustreg aangewend kan word.

'n Verdere beswaar teen die aanwending van die *turquand*-reël is dat die reël nie die belange van die trustbegunstigdes in ag neem nie.[197] In die praktyk word die sogenaamde besigheidstrust meestal in familiebesighede gebruik. In hierdie gevalle is die trustee ook gewoonlik die trustbegunstigdes. In hierdie omstandighede is daar

---

192 *Land & Agricultural Bank of SA v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA); *Nieuwoudt and Another NNO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (HHA).

193 Sien Honoré and Cameron *Trusts* 95,324-325; Du Toit 2004 *TSAR* 153-158; Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 10; *Land & Agricultural Bank of SA v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA); *Nieuwoudt en Ander NNO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (HHA).

194 Sien paragraaf 3.2.2.3.

195 *Thorpe and Others v Trittenwein and Another* 2007 2 SA 172 (HHA) 176I.

196 *TWK Agriculture Ltd v NCT Forestry Co-Operative Ltd and Others* 2006 6 SA 20 (N).

197 Claasen 2004 *De Rebus* 24.

geen rede waarom die trustbegunstigdes se belange bo dié van derdes geplaas moet word nie. Indien die trustbegunstigdes (wat ook die trustee is) se belange voorrang geniet, sal dit beteken dat die trustee voordeel uit sy eie onregmatige, onbillike en onredelike gedrag trek. Dit behoort nie toegelaat te word nie.

Laastens, uit 'n pragmatiese-oogpunt moet in gedagte gehou word dat die *turquand*-reël 'n beginsel is wat ingestel is om derdes te beskerm.

## 5 Verwydering van die rookskerm[198]

In *Salomon v Salomon & Co Ltd*[199] het die hof beslis dat 'n maatskappy oor sy eie regspersoonlikheid afsonderlik van sy lede, beskik. Die hof het in dieselfde saak aangevoer dat daar afgesien kan word van hierdie afsonderlike persoonlikheid in die geval van bedrog of oneerlikheid.[200]

Hierdie gevalle waar daar afgesien word van die maatskappy se afsonderlike bestaan staan as *piercing the corporate veil* bekend. In dié hoofstuk sal ondersoek word wanneer die verwydering van die rookskerm geregverdig word asook die verband wat die aanwending van die *turquand*-reël in die trustreg het.

### *5.1 Die filosofie agter piercing the corporate veil*

Die maatskappy se afsonderlike bestaan word gelyk gestel aan 'n sluier (*veil*). Hierdie sluier is 'n fundamentele aspek van die ondernemingsreg en beskerm lede teen diegene wat met die maatskappy kontrakteur.[201] Wanneer hierdie sluier vanweë die onregmatige optrede van 'n lid gelig word, word die lid persoonlik aanspreeklik gehou. Dit is so omdat die onregmatige optrede die motivering vir die beskerming van die lid negativeer. Sulke gedrag behoort nie beskerming te geniet nie. Verdere motivering waarom daar nie van die beperkte aanspreeklikheid van lede in bepaalde gevalle van afgesien word nie, is omdat die maatskappy self nie in alle gevalle gesien word as 'n afsonderlike persoon nie. Ook beskik dit oor geen *mens rea* nie.

198 *Piercing the corporate veil.*
199 1897 AC 22.
200 *Salomon v Salomon & Co Ltd* 1897 AC 22.
201 Cohen *Veil piercing* 20.

Daarom kan dit nie 'n delik of strafregtelike misdaad pleeg nie.[202] Daarbenewens is die uitsonderings nodig om direkteure en lede te keer om agter hierdie sluier weg te kruip vanweë die feit dat sulke optrede tot rampspoedige gevolge kan lei.[203]

### *5.2 Verwydering van die rookskerm en relevante wetgewing*

Die *Maatskappywet* bevat sekere artikels wat uitdruklik bepaal dat direkteure en lede in sekere omstandighede persoonlik vir die maatskappy se aksies aanspreeklik sal wees. [204]

Artikel 66 bepaal dat waar 'n publieke maatskappy vir meer as ses maande besigheid dryf terwyl dit minder as sewe lede het, hierdie lede aanspreeklik sal wees vir die betaling van al die skulde van die maatskappy gedurende daardie tydperk aangegaan. Hierdie bepaling is onderworpe aan die vereiste dat hulle moes geweet het dat hierdie minumum beperking oorskry word.[205]

Volgens artikel 172(5)(b) is direkteure gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir alle skulde en verpligtinge wat ontstaan uit besigheid deur die maatskappy waar die sertifikaat wat 'n maatskappy magtig om met besigheid te begin, nog nie uitgereik is nie.[206]

Artikel 424 bepaal dat in die omstandighede waar dit blyk dat die direkteur die besigheid van die maatskappy roekeloos bestuur het, of waar hy transaksies

202 Cohen *Veil piercing* 20.

203 Sien Cohen *Veil piercing* 20.

204 Slegs die artikels van belang sal na verwys word. Sien bv aa 50(3), 280(5) en 344(h).

205 Dit stem ooreen met die uitspraak in *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA) waar die trustakte 'n minimum van drie trustees gelas het om transaksies aan te gaan. Die trustees het hierdie beperking verontagsaam en transaksies aangegaan met die kennis van slegs twee trustees. Vanweë hierdie verontagsaming het die hof gelas dat die trustees persoonlik aanspreeklik is vir die skulde gedurende daardie tydperk aangegaan.

206 Dit stem ooreen met die beginsel in *Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe and Others NNO* 1996 1 SA 111 (W). Ingevolge a 6 van die *Trustwet* moet die Meester eers magtiging aan die trustees gee. Indien hierdie magtiging nie gegee is nie en die trustee sluit 'n transaksie in die naam van die trust, sal die trustees persoonlik vir hierdie transaksie aanspreeklik gehou word.

aangegaan het met die bedoeling om die ander party te bedrieg, die direkteur persoonlik aanspreeklik sal wees.[207]

In *Philotex v Snyman; Braitex v Snyman*[208] moes die hof beslis of die direkteure roekeloos opgetree het. Die hof het weereens daarop gewys dat die *onus* op die party rus wat beweer dat 'n direkteur roekeloos was. Om te toets of 'n direkteur roekeloos opgetree het, wend die hof 'n objektiewe toets naamlik dat die redelike man in die posisie van die direkteur geplaas moet word.[209]

In *Kalinko v Nisbet*[210] moes die hof bepaal watter skulde ten opsigte van artikel 424(1) van die *Maatskappywet* in ag geneem kan word. Die hof het beslis dat bepaal moet word wanneer besigheid onregmatig uitgevoer word. Die kritiese oomblik is nie wanneer skulde aangegaan word nie. Bestaande skulde tydens die onregmatige bestuur, ongeag wanneer hierdie skulde ontstaan het, sal dus onder artikel 424 ingesluit word. Die rede hiervoor is dat die skuld deur die maatskappy betaal word wanneer die direkteur nougeset optree.

### *5.3 Die aanwending van die leerstuk van die verwydering van die rookskerm*[211]

Baie duidelik is die beginsel van die afsonderlike persoonlikheid van 'n maatskappy en sy lede van uiterste belang. Dit moet sover as moontlik beskerm word. Slegs in

207 In *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K) en *Badenhorst v Badenhorst* 2006 2 SA 255 (HHA) het die trustees die trusts opgerig en bestuur met die doel om skuldeisers en hul eggenote se eise te ontduik. Die hof het in elk van hierdie sake beslis dat die trustbates vanweë die bedrieglike bedoeling as deel van hul persoonlike bates geag word.

208 *Philotex (Pty) Ltd v Snyman; Braitex (Pty) Ltd v Snyman* 1998 2 SA 138 (HHA).

209 Hierdie roekeloosheid dui op growwe nalatigheid. Die direkteure het geweet dat hul nie in staat sal wees om Wolnit se skuld te betaal nie. Nietemin het hulle die transaksies steeds aangegaan. Om dié rede het die hof beslis dat hul roekeloos opgetree het en die applikante moet vergoed. Sien ook *Ex parte Lebowa Development Corporation Ltd* 1989 3 SA 71 (T) waar die hof beslis het dat artikel 424 nie die gemeenregtelike remedies vervang nie, maar dit aanvul. In die trustreg kan die trustee eweneens persoonlik vir die roekelose bestuur van die trust aanspreeklik gehou word. In *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K) het die hof bevind dat die trustee die trust op 'n roekelose wyse bestuur het. Die hof het so ver gegaan deur te sê dat die trustee die trust as sy *alter ego* beskou het. Hy het nie die bates van die trust apart van sy persoonlike bates gehou nie. Groot finansiële bedrae geld het tussen die trusts gevloei en lenings is aan die verweerder gemaak, sonder enige formele besluite tussen die trustees. Die hof het na aanleiding van die wanbestuur van die trustee die bates van die trust deel van sy persoonlike bates geag.

210 *Kalinko v Nisbet and Others* 2002 5 SA 766 (W).

211 *Piercing the corporate veil.*

uitsonderlike gevalle behoort hierop inbreuk gemaak te word.[212] Regter Le Roux het in *Lategan v Boyes*[213] beslis dat bedrog 'n essensiële element vir die aanwending van die bogenoemde leerstuk is. In latere regspraak is egter gevind dat indien bewys kan word dat 'n onredelike onreg teenoor 'n persoon gedoen is, dit genoegsaam vir die aanwending van die leerstuk is.[214] In die *Cape Pacific*-saak[215] het die hof bevind dat die toetse in die *Lategan*-[216] en *Botha*-[217]sake te eng uitgelê was.[218] Regter Smalberger meen dat elke saak se feite afsonderlik in oorweging gebring moet word. Waar daar omstandighede van bedrog, oneerlikheid en ander onredelike gedrag bestaan, bied dit gronde vir *piercing the corporate veil*.[219]

In die meer onlangse saak van *Hülse-Reutter v Gödde*[220] het die hof weer eens klem daarop gelê dat die regspersoonlikheid van 'n maatskappy slegs in uitsonderlike gevalle van weggedoen kan word. 'n Hof het geen algemene diskresie om af te sien van die afsonderlike bestaan van die maatskappy nie. Die leerstuk kan slegs aangewend word waar geen ander remedie beskikbaar is nie.[221]

Die hof het gemeld dat die omstandighede waar 'n duidelike onderskeid getref kan word tussen die maatskappy en die persone wat dit beheer, nog ver van gevestig is. Tog identifiseer dit die grond waarop die onderskeid getref kan word. Dit is waar 'n mate van misbruik of skending van die korporatiewe entiteit bestaan, wat tot 'n onbillike voordeel vir die skender meebring.[222] Hierdie is weer 'n ander toets. In die *Botha*-saak voer die hof aan dat 'n onredelike onreg teenoor 'n ander gepleeg moes

---

212 *Shipping Corporation of India Ltd v Eudan Corporation* 1994 1 SA 550 (A); *Cape Pacific Ltd v Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd* 1995 4 SA 790 (A) 803 H-I.

213 *Lategan & Another NNO v Boyes and Another* 1980 4 SA 191 (T).

214 In *Botha v Van Niekerk* 1983 3 SA 513 (W) het die hof gevind dat 'n direkteur persoonlike aanspreeklikheid kan opdoen as bewys kan word dat 'n ander persoon onredelike onreg is as gevolg van die onbehoorlike optrede van die direkteur aangedoen. Bedrog word omskryf as "die wederregelike, opsetlike maak van 'n wanvoorstelling wat 'n werklike benadeling tot gevolg het, of wat potensiële nadele vir 'n ander inhou" (Snyman *Strafreg* 523). 'n Onbehoorlike optrede daarteenoor word beskryf word as 'n krygslis, dekmantel en 'n skyn. Sien *My Summit One Farocean Marine (Pty) Ltd v Malacca Holdings Ltd and Another* 2003 6 SA 94 (K) 101, *The Shipping Corporation of India Ltd v Evdomon Corporation and Another* 1994 1 SA 550 (A).

215 *Cape Pacific Ltd v Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd* 1995 4 SA 790 (A).

216 *Lategan & Another NNO v Boyes and Another* 1980 4 SA 191 (T).

217 *Botha v Van Niekerk* 1983 3 SA 513 (W).

218 *Cape Pacific Ltd v Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd* 1995 4 SA 790 (A) 805D-F.

219 *Cape Pacific Ltd v Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd* 1995 4 SA 790 (A) 802H –803D.

220 *Hülse-Reutter and Others v Gödde* 2001 4SA 1336 (HHA).

221 *Hülse-Reutter and Others v Gödde* 2001 4SA 1336 (HHA) 1346F.

222 *Hülse-Reutter and Others v Gödde* 2001 4SA 1336 (HHA) 1346A-D.

wees; in die *Lategan*-saak is bedrog die vereiste. Hierdie saak lê klem op die misbruik van korporatiewe entiteit wat 'n onbillike voordeel vir die skender meebring. Daar is derhalwe nie eenstemmigheid oor die vereiste vir *piercing the corporate veil* nie.

Die verskil tussen die *Cape Pacific*-benadering en die van *Hülse-Reutter*-benadering ten opsigte van hierdie aangeleentheid, is dat die eersgenoemde meer buigsaam en makliker bewysbaar is. Die *Hülse-Reutter*-saak het daarenteen die rigiede benadering van *Botha v Van Niekerk*[223] gevolg, alhoewel dit nie presies dieselfde toets is nie. Dit is inderdaad 'n strenger toets.

Die onsekerheid is uit die weg geruim na die uitspraak van *Nel v Metequity.*[224] Die hof het beslis dat

> The Court will generally pierce the veil of corporate personality only where there has been an element of fraud or other improper conduct in the establishment or use of the company or the conduct of its affairs.[225]

Dus, waar daar 'n element van bedrog **of enige ander onbehoorlike gedrag** in die oprigting of gebruik van die maatskappy of die dryf van die maatskappy se sake is, kan die sluier gelig word en die direkteur persoonlik aanspreeklik gehou word. Dit is my mening dat hoewel nadele vir die ander party of voordeel vir die skender weliswaar faktore is wat in aanmerking geneem sal word, dit in hierdie saak vir die regter eerder oor die misbruik en wanoptrede van die direkteur gaan.

## 6 Gevolgtrekking

In die *Nieuwoudt*-saak[226] sowel as die *Parker*-saak[227] het die hof die geleentheid laat verby gaan om uitsluitsel te gee oor die vraag of die *turquand*-reël in die trustreg aangewend kan word. Dit bring mee dat daar steeds onsekerheid in die reg rondom die posisie is. Die vernaamste kritiek teen die toepassing van die reël ook in die

223 *Botha v Van Niekerk* 1983 3 SA 513 (W).
224 *Nel and Others v Metequity Ltd and Another* 2007 3 SA 34 (HHA).
225 *Nel and Others v Metequity Ltd and Another* 2007 3 SA 34 (HHA) 38I-39B.
226 *Nieuwoudt en Ander NNO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (HHA).
227 *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA).

trustreg is dat die trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie[228] en dat die trustees gesamentlik moet optree. Hierdie kritiekpunte is ontleed in 'n poging om tot 'n bevredigende oplossing vir die hele situasie te kom.

In verband met die regsaard van 'n trust is gevind dat in teorie die trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie, maar dat dit in die praktyk grootliks met die maatskappy ooreenstem. [229] In die geval van registrasie-, belasting-, insolvensie- en selfs litigasie-aangeleenthede word die trust in die praktyk behandel asof dit oor regspersoonlikheid beskik. Nog 'n punt waar die maatskappy en die trust ooreenstem, is dat daar in sekere omstandighede van die maatskappy se regspersoonlikheid afgesien kan word. Die toepassing van die leerstuk van *piercing the corporate veil* is soortgelyk aan die hantering van sake in die trustreg waar die trustees ook persoonlik aanspreeklik gehou is vir die besigheid van die trust.[230] Sommige akademici is ook van mening dat, ten spyte van die bepalings van die *Trustwet,* dit slegs 'n kwessie van tyd is voor die trust ook as regspersoon erken word.[231] Wette kan gewysig word indien die praktyk dit verg en hofbeslissings kan groot oorredingsvermoë hê.

Die vraag wat beantwoord moet word, is of die kritiek van regspersoonlikheid in hierdie geval dan werklik soveel gewig dra aangesien die trust oorwegend as 'n regspersoon behandel word. In gedagte moet gehou word dat een van die wyses hoe regspersoonlikheid bekom kan word, deur middel van gedrag is. Dit is inderdaad so dat die *Trustwet* uitdruklik bepaal dat 'n trust nie oor regspersoonlikheid beskik nie. Ongelukkig ontwikkel die omstandighede rondom die bedryf van 'n trust tans in die praktyk sodanig dat dit die wese van die beginsel in die *Trustwet* weerspreek.

Artikel 31 van die *Maatskappywet* bepaal dat 'n vereniging 'n regspersoon is indien dit die oogmerk het om wins te maak terwyl dit ingevolge die Maatskappywet **of 'n ander wet** opgerig is.[232] Verder kan regspersoonlikheid uit die inhoud van die konstitusie van die vereniging blyk deurdat dit byvoorbeeld stel dat die vereniging sy

228 Honoré and Cameron *Trusts* 34,95; Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 10
229 Sien paragraaf 2.
230 Sien paragraaf 3.2.2.3.
231 Sien voetnota 53.
232 Eie kursivering.

eie skulde dra en dat die bates aan die vereniging behoort. Indien die trust dus die oogmerk het om wins te maak of dat dit uit die trustakte blyk dat dit oorwegend oor aspekte van oor regspersoonlikheid beskik, behoort die howe die regspersoonlikheid van die trust te erken. Omdat dit vanweë die bepalings van die *Trustwet* nie gedoen kan word nie, behoort ten minste sekere beginsels soos die *turquand*-reël en *piercing the corporate veil* op grond van billikheid en geregtigheid aanwending te vind.

Die stelling dat die trustees altyd gesamentlik moet optree, verdien aandag. In die *Parker*-saak is aangevoer dat die trustees mede-eienaars is en dat hulle daarom te alle tye gesamentlik moet optree.[233] Volgens Kloppers, wat 'n baie praktiese benadering volg, is hierdie stelling te ruim geformuleer. Hy vergelyk die posisie met gades wat nie altyd gesamentlik moet optree nie. [234] Hy meen die analogie met die posisie van gades noop 'n mens om ook in die geval van 'n trust te beslis dat trustees nie te alle tye gesamentlik hoef op te tree nie. Verder is daar in *Thorpe*-saak beslis dat daar wel omstandighede kan wees waar die trustees nie gesamentlik hoef op te tree nie.[235] Daar bestaan dus gevalle waar, en die moontlikheid dat, die trustees nie gesamentlik hoef op te tree nie. Daarom is dit billik dat derdes onder die indruk mag wees dat 'n trustee bevoeg is om op te tree. Die probleem kom hier in dat die derde nie weet of daar aan die voorvereistes, indien enige, voldoen is nie. Die derde het ook nie geredelik toegang tot die trustakte soos wat derdes toegang tot die aktes en statute van 'n maatskappy het nie. Die toepaslikheid en aanwending van die *turquand*-reël is nodig om hom te beskerm.

'n Verdere beswaar teen die aanwending van die *turquand*-reël is dat die reël nie die belange van die trustbegunstigdes in ag neem nie.[236] Wanneer die trustee ook 'n trustbegunstigde is en die trust om hierdie rede misbruik word, is dit myns insiens net billik dat die derde se belange in hierdie gevalle bo die belange van die trustbegunstigdes geplaas word. Dit behoort nie toegelaat te word dat die trustee voordeel uit sy eie onregmatige, onbillike en onredelike gedrag trek nie.[237]

233 *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA).
234 Sien paragraaf 3.2.2.3.
235 Sien paragraaf 4.3.
236 Claasen 2004 *De Rebus* 24.
237 Sien paragraaf 4.3.

Die doel en aard van die *turquand*-reël bring verder duidelikheid oor die onderwerp. In *Royal British Bank*[238] het die hof die reël ingestel as 'n *billikheidsmeganisme* om derdes te beskerm. Vir hierdie rede kan en behoort die *turquand*-reël ook in ander verenigings aangewend word.[239] Oosthuizen[240] se inklinasie dat die *turquand*-reël ook aangewend kan word in verenigings sonder regspersoonlikheid verdien instemming. Sy motivering is weliswaar dat regspersoonlikheid nie die oorheersende rol in die ontwikkeling van die *turquand*-reël gespeel het nie. Hy is van mening, soos in *Man Truck & Bus*[241] aangevoer is, dat die *turquand*-reël 'n billikheidsreël is om derdes te beskerm wat in goeie trou met 'n onderneming besigheid doen.

Die voordele wat uit die aanwending van die *turquand*-reël in die trustreg sal spruit, kan soos volg opgesom word. Eerstens sal dit beskerming vir derdes bied, wat op die oomblik geen remedie het om op terug te val nie. Tweedens sal dit regsekerheid rondom die aard en gebruik van die trust bied. Laastens en myns insiens sekerlik die belangrikste, sal dit die misbruike van die trust tot 'n einde bring en sal die trust weer as die ondernemingsvorm waarvoor dit opgerig is, gebruik word.

Die submissie is dat die aanwending van die *turquand*-reël asook die toepassing van die beginsel van *piercing the corporate veil* nie net moontlik is nie, maar ook 'n noodsaaklikheid. In die woorde van regter Coppenhagen:

> Dit is algemeen bekend, en ek neem geregtelike kennis daarvan, dat trusts al hoe meer deur natuurlike persone en regspersone as voertuig gebruik word waardeur aan die handelsverkeer deelgeneem word. In hierdie speelveld verg goeie orde en sede dat verwag en aanvaar kan word dat kontraktante in goeie trou sal optree ... Om 'n ander benadering tot die situasie te volg sal myns insiens inbreuk maak op die onderliggende goeie trou wat by alle onderhandelinge tussen partye moet geld. Die aanwending van die Turquand -reël is gevolglik 'n noodsaaklikheid, ook ten aansien van transaksies tussen trustees en ander kontraktante.[242]

238 *Royal British Bank v Turquand* (1856) 6 E&B 327, 119 ER 886.
239 Sien paragraaf 4.1.
240 Sien paragraaf 4.2.
241 *Man Truck & Bus (SA) Ltd v Victor en Andere* 2001 2 SA 562 (NK).
242 *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt en 'n Ander NNO* 2003 2 SA 262 (O) 268A-D.

**Bibliografie**

**Boeke**

**B**

Banade ea *Ondernemingsreg*

Benade ML ea *Ondernemingsreg* 3rd ed (Butterworths Durban 2003)

**C**

Cilliers en Benade *Koperatiewereg*

Cilliers HS ea *Koperatiewereg* 3rd ed (Butterworths Durban 2001)

**D**

Du Toit *South African Trust Law*

Du Toit F *South African Trust Law: Principles and Practice* (Butterworths Durban 2002)

**G**

Gibson *South African Mercantile & Company Law*

Gibson JTR, Visser C ea *South African Mercantile and Company Law* 8th ed (Juta Lansdowne 2003)

**H**

Honoré and Cameron *Trusts*

Honoré and Cameron Honore's South African Law of Trusts 5th ed (Juta Kenwyn 2002)

**O**

Olivier *Trustreg en Praktyk*

Olivier PA, Strydom S en Van den Berg GPJ *Trustreg en Praktyk* 2nd ed (Butterworths Durban 2006)

**P**

Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts*

Pace RP and Van der Westhuizen WM *Wills and Trusts* (Butterworths Durban 2002)

Pretorius ea *Hahlo's South African Company Law*

Pretorius JT ea *Hahlo's South African Company Law through the cases* 6th ed (Juta Kenwyn 1999)

Pretorius ea *Bussiness Entities*

Pretorius ea *Student Case Book on Bussiness Entities* 3rd ed (Juta Lansdowne 2004)

Pienaar Regsubjektiwiteit

Pienaar GJ *Regsubjektiwiteit en die Regspersoon* (Departement Sentrale Publikasies PUCHO Potchefstroom 1997)

**S**

Snyman *Strafreg*

Snyman CR *Strafreg* 5de uitg (Butterworths Durban 2006)

**W**

Williams *Corporate and Partnership Law*

Williams RC *Concise Corporate and Partnership Law* 2nd ed (Butterworths Durban 1997)

**Konferensiebydrae**

De Waal MJ "Anomalieë in die Suid-Afrikaanse Trustreg" in *Trusts* Bydraes gelewer by 'n seminar aangebied deur Unisa op 12 Junie 1992 Pretoria 16-31

**Proefskrifte**

Coetzee JP *'n Kritiese ondersoek na die aard en inhoud van trustbegunstigdes se regte ingevolge die Suid-Afrikaanse reg* (LLD-proefskrif Universiteit van Suid-Afrika 2006)

Cohen J *Veil piercing – A necessary evil?* (LLM-verhandeling Universiteit van Kaapstad 2006)

Pienaar GJ *Die gemeenregtelike regspersoon in die Suid-Afrikaanse privaatreg* (LLD-proefskrif PUCHO 1982)

**Regspraak**

*Atlas Organic Fertilisers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd and Others* 1981 2 SA 173 (T)

*Badenhorst v Badenhorst* 2006 2 SA 255 (HHA)
*Bacon VC in Re Exchange Banking Co, Flitcroft's Case* 1882 21 Chd 519 (CA)
*BOE Bank Ltd (Formerly NBS Boland Bank Ltd) v Trustees, Knox Property Trust* 1999 1 SA 425 (D)
*Botha v Van Niekerk* 1983 3 SA 513 (W)
*Braun v Blann and Botha NNO and Another* 1984 2 SA 850 (A)
*Burnett v Kohlberg* 1986 3 SA 12 (A)

*Cape Pacific Ltd v Lubner Controlling Investments (Pty) Ltd* 1995 4 SA 790 (A)
*Coetzee v Peet Smit Trust* 2003 5 SA 674 (T)
*Cohen v Segal* 1970 3 SA 702 (W)
*Commissioner for Inland Revenue v Friedman and Others NNO* 1993 1 SA 353 (A)
*Cyberscene Ltd and Others v I-Kiosk Internet and Information (Pty) Ltd* 2000 3 SA 806 (K)

*Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530
Doyle v Board of Executors 1999 2 SA 805 (K)

*Ex parte Lebowa Development Corporation Ltd* 1989 3 SA 71 (T)

*Farren v Sun Service SA Photo Trip Management (Pty) Ltd* 2004 2 SA 146 (K)
*First National Bank v Stracham Family Trust* 2000 3 ALL SA 379 (T)
*Fisheries Development Corporation of SA Ltd v Jorgensen* 1980 4 SA 156 (W)
*Foss v Harbottle* 1843 2 Hare 461, 67 ER 189
*Friedman and Others NNO v Commissioner for Inland Revenue: In re Phillip Frame Will Trust v Commissioner for Inland Revenue* 1991 2 SA 340 (W)
*Fulham Football Club Ltd v Cabra Estates plc* 1994 1 BCLC 363 (CA)

*Hülse-Reutter and Others v Gödde* 2001 4SA 1336 (HHA)
*In re City Equitable Fire Insurance Co Ltd* 1925 1 Ch 407

*Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (K)
*Joubert v Van Rensburg* 2001 1 SA 753 (W)
*Jowell v Bramwell-Jones* 2000 3 SA 274 (HHA)

*Kalinko v Nisbet and Others* 2002 5 SA 766 (W)
*Kropmann NNO v Nysschen* 1999 2 SA 567 (T)

*Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and Others* 2005 2 SA 77 (HHA)
*Lategan & Another NNO v Boyes and Another* 1980 4 SA 191 (T)
*Legg & Co v Premier Tobacco Co* 1926 AD 132

*Magnum Financial Holdings (Pty) Ltd v Summerly* 1984 1 SA 160 (W)
*Mahoney v East Holyford Mining Co.* (1875) LR 7 HL 869
*Man Truck & Bus (SA) Ltd v Victor en Andere* 2001 2 SA 562 (NK)
*The Mine Workers' Union v JJ Prinsloo: The Mine Workers' Union v JP Prinsloo, The Mine Wokers' Union v Greyling* 1947 4 SA 690 (T) 706
*Mine Workers' Union v Prinsloo* 1948 3 SA 831 (A)
*Mohamed v Ravat Bombay House (Pty) Ltd* 1958 4 SA 704 (T)
*Morrison v Standard Buiding Society* 1932 AD 229
*Mostert No v Old Mutual Life Assurance Co (SA) Ltd* 2001 4 SA 159 (HHA)
*Movie Camera Company (Pty) Ltd v Van Wyk and Another* 2003 2 All SA 291 (K)

*My Summit One Farocean Marine (Pty) Ltd v Malacca Holdings Ltd and Another* 2003 6 SA 94 (K)

*National and Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 2 SA 473 (A)
*NBS Bank Ltd v Cape Produce Co (Pty) Ltd* 2002 1 SA 396 (HHA)
*NBS Boland Bank Ltd v One Berg River Drive* CC 1999 4 SA 928 (HHA)
*Nel and Others v Metequity Ltd and Another* 2007 3 SA 34 (HHA)
*Nieuwoudt and Another NNO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (HHA)

*Parry, Leon & Hayhoe v Shapiro & Co* 1930 EDL 132
*Phillips v Fieldstone Africa (Pty) Ltd and Another* 2004 3 SA 465 (HHA)
*Philotex (Pty) Ltd v Snyman; Braitex (Pty) Ltd v Snyman* 1998 2 SA 138 (HHA)
*Potchefstroom se Stadsraad v Kotze* 1960 3 SA 616 (A)

*Rosner v Lydia Swanepoel Trust* 1998 2 SA 123 (W)
*Royal British Bank v Turquand* 1856 6 E&B 327, 119 ER 886

*Salomon v Salomon & Co Ltd* 1897 AC 22
*Shipping Corporation of India Ltd v Eudan Corporation* 1994 1 SA 550 (A)
*Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe and Others NNO* 1996 1 SA 111 (W)
*S v De Jager* 1965 2 SA 616 (A)

*The Shipping Corporation of India Ltd v Evdomon Corporation and Another* 1994 1 SA 550 (A)
*Thorpe and Others v Trittenwein and Another* 2007 2 SA 172 (HHA)
*Tijmstra v Blunt-Mackenzie* 2002 1 SA 459 (T)
*TWK Agriculture Ltd v NCT Forestry Co-Operative Ltd and Others* 2006 6 SA 20 (N)

*Van der Merwe v Road Accident fund and Another* 2006 4 SA 230 (KH)
*Van der Merwe v Van der Merwe en'n Ander* 2000 2 SA 519 (K)
*Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt en 'n Ander NNO* 2003 2 SA 262 (O)

*Watt v Sea Plant Products Bpk and Others* 1998 4 ALL SA 109 (K)

*Webb & Co Ltd v Northern Rifles* 1908 TS 462
*Wolpert v Uitzigt Properties* (Pty) Ltd 1961 2 SA 257 (W)

**Tydskrifartikels**

Beukes HGJ "Does the *Turquand* Rule apply to Internal Requirements in a Trust Deed?" 2004 *SA Merc LJ* 264-270

Claasen H "Aanwending van die *Turquand*-reël in die trustreg" 2004 *De Rebus* 24-26

De Waal MJ "Belastingreg" 1991 *De Rebus* 397-398

Du Toit F "Curbing the abuse of the Business Trust: A South African Perspective on Business Law and Ethics" 2006 *EABR & ETLC* 1-9

Du Toit F "Die aanwending van die turquand-reël in die Suid-Afrikaanse trustreg" 2004 *TSAR* 149-161.

Joffe H "'Sham' trusts" 2007 *De Rebus* 25-26

Kennedy-Good S en Coetzee L "The Bussiness Judgement Rule Part 1" 2006 *Obiter* 62-74

Kernick L " Declaration of independence" 2007 *De Rebus* 27-29

Kloppers H "Enkele lesse vir trustees uit die *Parker*-beslissing" 2006 *TSAR* 414-423

Oosthuizen ML" Die *Turquand*-reël as reël van die Verenigingsreg" 1977 *TSAR* 210-219

Theron L "Enkele gedagtes oor die regsaard van 'n trust en die aanspreeklikheid van 'n trustee vir trustskulde" 1991 *De Jure* 319-328

Wood-Bodley MC "The transactions of unauthorized trustees: Section 6(1) of the Trust Property Control Act 1988" 2001 *SALJ* 374-387.

**Wetgewing**

*Boedelwet* 66 van 1965
*Huweliksgoederewet* 88 van 1984
*Inkomstebelastingwet* 58 van 1962
*Insolvensiewet* 24 van 1936
*Maatskappywet* 61 van 1973
*Wet op die Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988
*Wet op die Vervreemding van Grond* 68 van 1981
*Wet op Egskeiding* 70 van 1979
*Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984
*Wet op Pensioenfondse* 24 van 1956

**Lys van Afkortings**

| | |
|---|---|
| *SA Merc LJ* | South African Mercantile Law Journal |
| *TSAR* | Tydskrif vir die Suid Afrikaanse reg |
| SALJ | South African Law Journal |